ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Uitgegee in opdrag van die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

PRYS R3,00 AVB INGESLUIT

1984

78ste jaargang

LANGSTRAAT 58, KAAPSTAD

FORUMGEBOU, STRUBENSTRAAT
PRETORIA

Met Komplimente van

HAUM

Boekwinkels

TRUSTBANK-SENTRUM
STELLENBOSCH

NEDBANK FORUMGEBOU,
HOEK VAN BURNETT &
FESTIVALSTRAAT
HATFIELD, PRETORIA

NEDBANK PLAZAGEBOU,
BEATRIXSTRAAT, ARCADIA

ALMANAK

EN BYBELSE DAGBOEK

Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

1984

REDAKSIE
Hoofredakteur
Prof dr P S Dreyer
Ds J M G Storm
Mnr A B van N Herbst
Redakteur vir Statistiek
Ds P M Smith
Kompilator Kerklike Publikasies en Beriggewing

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK AFRIKA

78ste JAARGANG

Gedruk deur Gutenberg Boekdrukkers, Pretoria-Wes



Pyporrel – Universiteit Potchefstroom

PYPORRELS:
Hoogs gespesialiseerde instrumente – maak gemeentesang loutere genot

SKRYNWERK:
Kerkbanke van soliede hout en met gestoffeerde gedeeltes
Preekstoele, Kateders, Nagmaaltafels en stoele, Knielbankies, ens.

LUIKLOKKE:
Van die beroemde fabriek, Petit & Fritsen, Holland

UURWERKE:
Vir kerktorings, stadsale, skole ens.

SAOB

Mundstraat 329A, Waltloo 0184 R.S.A. – Tel. 83-1117
Posbus 200, Silverton 0127 R.S.A. – Telgr. 'Diapason'

SUID-AFRIKAANSE ORRELBOUERS (Edms) Bpk.

INHOUD

Ter inleiding: Bybel en Bybeljaar – redakteur prof P S Dreyer 6
Oordenking – ds J D H Smit 8
Die ontstaan en kanositeit van die Bybel – prof B J Engelbrecht 11
'n Skrifbeskouing – prof J J Engelbrecht 19
Die Bybel in Afrikaans – prof J P Oberholzer 24
Bybelverspreiding – ds J P Labuschagne 33
Lewensketse ampsdraers en lidmate: 39
Die Voortrekker Petrus van der Merwe – M H J van der Merwe 39
Ds J H van Staden – ds G J J Roos 42
Prof J I de Wet – dr E C B Kotze 44
Dr H M Rex – prof A D Pont 46
Ouderling Hans Prinsloo – ds S J Swanepoel 48
Ouderling Lief Rosenblatt – ds P M Smith 50
Ouderling Wynand Opperman – ds P M Smith 52
Ouderling Thys Malan – ds P M Smith 54
Ouderling Woela du Plessis – ds C J H Steenkamp 56
Ouderling Andries Greeff – ds S E Young 58
Ouderling W J J Smith – mnr C J M von Wielligh 60
Mevrou C M Prinsloo – ds J N Wolmarans 62
Mevrou M R Oosthuizen – mnr A B van N Herbst 65
Mejuffrou M E Maakal – ds J B J van Rensburg 67
Mevrou Rimkje Veenstra – mnr Jeep Veenstra 69
Leer ken ons nuwe predikante: 71
Ds H Aucamp 71
Ds J M C de Beer 71
Ds P de Kock 71
Ds W A Dreyer 71
Ds P S Esterhuizen 72
Ds E G Fourie 72
Ds W R T Hindley 72
Ds T F Joubert 72
Ds W J C Kriel 73
Ds R G Lee 73
Ds A M Nel 73
Ds S P Nolte 73
Ds P D Rautenbach 74
Ds R J Rust 74
Ds P J van der Merwe 74
Ds W L van der Merwe 74
Ds D W van der Watt 75
Ds T L van der Westhuizen 75
Ds A J H J van Rensburg 75
Ds G J M van Wyk 75
Ds A S van den Berg 76
Ds J J van Wyk 76
Kalenders 1984 79
Dag- en maandkalender 79
Kerklike en ander gedenkdae 80
Historiese kalenders 81
Universiteitkalenders 93

As dit papier is . . .



SPICERS

DIE NAAM VIR GOEIE PAPIER

SPICERS HET PAPIER EN SKRYFBEHOEFTES
VIR ALLE GELEENTHEDE
TAKKE DWARSOOR DIE HELE REPUBLIEK

BLOEMFONTEIN –
Telefoon 8-1533
DURBAN –
Telefoon 29-2171

KAAPSTAD –
Telefoon 51-8191

PRETORIA –
Telefoon 28-6025
JOHANNESBURG –
Telefoon 836-6981

Onderwyskollege-kalenders 93
Skoolkalenders 94
Statistiese gegewens 95
Kommissies en rade 95
Kaapse predikante tot 1842 106
Geestelike leidsmanne rondom die Groot Trek 108
Vroeëre predikante sedert 1853 109
Alfabetiese lys van diensdoende predikante en teologiese dosente 114
Diensdoende predikante 1983 117
Vroeëre professore en ander dosente 127
Diensdoende professore en ander dosente 128
Teologiese studente op 1 Augustus 1983 129
Alfabetiese lys van gemeentes 132
Gemeentes in ringsverband 133
Statistiekopsommings 236
Bybelse Dagboek ..... Na bladsy 239

Ter Inleiding : Bybel en Bybeljaar

deur prof P S Dreyer – redakteur

Die Bybel van ons voorgeslagte was die Statebybel, waarmee Jan van Riebeeck in 1652 by die Kaap aangekom het. Meer as 200 jaar later, in 1878, maak CP Hoogenhout die eerste Afrikaans vertaling van 'n deel van die Bybel, naamlik die Evangelie volgens Markus. Dit is nooit gepubliseer nie. Daarna is verskillende pogings aangewend, totdat die eerste volledige Afrikaanse Bybel op 27 Augustus 1933 in gebruik geneem kon word. 1983 was dus die jaar waarin ons die vyftigjarige fees van die Afrikaanse Bybel kon vier.

By die skrywe van hierdie Voorwoord (Julie 1983) het ons nog steeds gehoop om die nuwe vertaling van die Bybel in 1983 te ontvang.

Daar is nog ander Bybelvertalings wat ons vanjaar kan gedenk. Dit is ook vanjaar die vyfhonderdjarige herdenking van Martin Luther se geboortedag. (Hy is in 1483 gebore.) Dit is alles baie belangrik. Wat ons egter intiem en baie diep raak, is die Bybel in Afrikaans. Die Bybel is vir ons die Woord van God. Dit bepaal ons lewens tot op die diepste fondament. Dit is die lamp vir ons voet en die lig op ons pad. Daarom bepaal dit wesenlik elke faset van ons volksbestaan in die vorm van die beginsels wat vir ons onderwys, politiek, volkereverhoudings en so meer geldig is. Dit maak die Afrikaanse Bybel die heel belangrikste boek wat vir ons kan bestaan.

Hierdie *Almanak* bereik die Kerk teen die einde van hierdie feesjaar. Ons hoop dat al ons lesers saam met die Kerk feesgevier het. Ons hoop dat u nou die geleentheid sal hê om rustig oor 'n paar sake aangaande die Bybel en Bybelvertaling te lees. Ons hoop ook dat u dit sal kan doen met die nuwe vertaling langs u.

Die artikel wat hier gepubliseer word, dek net enkele sake:

Die ontstaan van die Bybel as Bybel; die kwessie van hoe 'n mens die Bybel moet beskou; en die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Ons het daarin geslaag om van ons grootste deskundiges te kry om hieroor te skryf. Dit toon ons lesers ook iets van die teologiese probleme wat daar rondom die Bybel lê. Wat vanselfsprekend is, is dat ons iets oor Bybelverspreiding moet publiseer, want om die Woord te versprei, is 'n opdrag van die Woord self.

Verder bied ons vir u die gewone stof aan wat al deel van die tradisie van die *Almanak* geword het. Wat in 'n sekere sin nuut is, is die sketse oor vroue waarmee ons nou begin. Baie jare lank het ons foto's en sketse van predikante e.a. geplaas,

almal mense wat die Kerk op hulle tyd op besondere wyse gedien het. Vanjaar begin ons met sketse oor vroue wat in die Kerk gedien het.

Dit is ons bede dat die *Almanak* 'n warm plekkie in elke huis sal vind en dat dit elke dag gebruik sal word. En mag hierdie besondere *Almanak* iets bydra om ons nader aan die Bybel te bring.

Oordenking

deur ds J D H Smit



Deuteronomium 6:6 en 7

"En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

Aan die Woord is die God van die verbond, dié God wat met volhardende liefde nie opgehou het om met die mens bemoeienis te maak nie; dié God wat na die verwildering wat uitgeloop het op die sondvloed en na die hoogmoedige aanmatiging wat ineengestort het met die spraakverwarring rondom die toring van Babel, opnuut weer 'n begin gemaak het met die roeping van Abraham.

Te midde van die verskeidenheid van volke sou God nou vir Hom 'n eiendomsvolk toeberei. Met Abraham het God sy verbond gesluit. In hierdie verbond het God hulle gestel onder sy beloftes en hierdie beloftes het hulle opgeroep tot onvoorwaardelike geloof en onbeperkte vertroue. Dwarsdeur alles heen moes hulle vashou aan die trou van God. Op sy wonderbaarlike wyse het God nou deur wisselende omstandighede met hulle op weg gegaan. Menigmaal kon hulle God se dade nie verstaan nie, het hulle ongeduld gehad met God se weë, het hulle gedink dat God sy verbond vergeet het en het hulle selfs op hulle eie manier God se beloftes probeer vooruitloop en vir hulleself probeer waarmaak.

Maar telkens moes hulle leer dat God selfs deur verlies en berowing, deur hongersnood en verslawing heen aan sy verbond trou bly en dat Hy sy beloftewoord aan hulle en vir hulle waar maak. So het God en God alleen hulle op sy soewereine wyse verlos uit die slawerny van Egipte, hulle losgeruk uit die greep waarteenoor hulle so totaal magteloos gestaan het. So het hulle as verlostes en met die verwagting van 'n toekoms by Sinai te staan gekom. Hier het God sy verbond met hulle hernu in die woorde: "As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees." En nou gee Hy aan sy verloste volk sy wet, die rigsnoer en lewensreël waarvolgens hulle as sy eiendomsvolk in dankbaarheid voor Hom kan lewe.

Maar hier in ons teksverse rig God Hom tot die kleinste verskyningsvorm van die volksbestaan, tot die gesin en gee dit as 'n onvervreembare opdrag aan die verbondsouers om hulle verbondskinders voor te gaan, op te voed en te onderrig in die heilige leer.

"En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees." Hierdie onderrig moet uit geloof tot geloof geskied. As die ouers hulle kinders wil opvoed in die vrese van die Here moet hulle kinders daagliks kan merk dat die groot verlossingsdade van God hulle na aan die hart lê.

Kinders is heel krities ingestel en voel skerp aan of dit wat hulle ouers sê in ooreenstemming is met dit wat hulle self is en doen. Die kind voel gou en suiwer aan of "hierdie woorde" in die hart van die ouer is. "Leringe wek, maar voorbeelde trek."

"Hierdie woorde." Watter woorde? Die woorde uit verse 4 en 5: "Hoor Israel die Here ons God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag." Die inhoud en vervulling van die wet is die liefde en voor alles die liefde tot God omdat hy hulle eerste liefgehad het. Hierdie liefde van God het sy neerslag gevind in en kom tot openbaring in die geskiedenis van God met sy volk. God se reg op die liefde van sy volk word gegrond in God se dade van verlossing uit slawerny en verdrukking. Vol aangrypende erns is die beeld van 'n godvresende gesin wat God hier aan hulle voorhou in vers 20–25. Aan die verbondsouer sê God: As jou kind nou kom vra: Wie is die Here wat ons bo alles moet liefhê? Wat het Hy gedoen?, dan kan en moet die ouer uit die dankbare wete van God se troue bemoeienis met sy volk, vir sy kind vertel van en hom onderrig gee in die heilsdade van God. Ja, daar rondom die huisaltaar moet die kind dít leer en dit saam met sy ouers beleef en bely: God is getrou. God maak sy beloftes waar.

"Hierdie woorde" geld met net soveel erns vir ons, want dieselfde melodie waarin die dankbare liefde van verlostes deurklink, is draer van 'n ander, dieper loflied, die loflied oor die verlossing wat God in Jesus Christus vir ons toeberei het. In Jesus Christus is al die beloftes van God se verbond vervul. Hy het gekom, vir ons die evangelie van God se ontferming gebring en in ons plek die liefdesgebod van God volbring. God het "Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak sodat ons kan word die geregtigheid van God in Hom" (2 Kor 5:12). So pragtig verwoord die Nagmaalsformulier dit: "Hy het Hom laat bind om ons te ontbind; Hy het ontelbare smaadhede gely sodat ons nooit weer in skande sou raak nie; Hy is onskuldig tot die dood veroordeel sodat ons voor die gerig van God vrygespreek kon word."

As u kind nou vir u vra: Vader, Moeder, wat beteken die getuienisse en die verordeninge wat die Here ons God julle beveel het, dan sal en moet u met dankbare vrymoedigheid kan antwoord: Ons was slawe van die duiwel, diensknegte in die land van die sonde, maar die Here het ons met sy sterk hand verlos: "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh 3:16). Die bloed van Christus is vir ons gestort en sy bloed is vir ons wat die Rooisee vir Israel was toe hulle droogvoets daardeur getrek het: dit maak skeiding tussen ons en Satan se mag. Hy gebied ons nou om al hierdie insettinge te onderhou en dit sal ons om sy ontwil tot geregtigheid gereken word.

Op grond van hierdie verlossingswerk van Christus, is God se gebod nou vir ons: Hoor Israel, hoor jy volk wat die teken van God se verbond dra: "Onderhou dit sorgvuldig, dat dit met jou goed kan gaan." Hoor jy verbondsouer en skerp dit vir jou kinders in, tydig en ontydig. En jy, verbondskind, wat is jou opdrag? Dit: Vra na die Woord en gebod van God, vra na die dinge van God en hulle betekenis, vra dit vir vader en moeder. Keer terug na die huisaltaar waar ouer en kind saam buig rondom en onder die Woord van God. En weet dit: God se gebod loop altyd hand aan hand

met God se belofte. In ons dankdiens volgens sy gebod word ons gestut en getroos met sy beloftes.

As verbondsouers kan ons saam met ons verbondskinders weet en bely: In die wisselende gange van die lewe met alles wat dit vir ons bring en bied, is ons omvou deur die ewige trou van die God van die verbond en word ons gedra in die oorwinnende krag van ons Here Jesus Christus, sy toekoms tegemoet.

Wat 'n voorreg om die Bybel, die Woord van God, in ons taal, in die taal van ons kinders, te hê en aan hulle oor te dra, in te skerp en met hulle daaroor te spreek in ons huise.

AMEN

Die ontstaan en kanonisiteit van die Bybel

deur prof B J Engelbrecht



I INLEIDING

Elke godsdiens, ook die Christelike geloof het sy gesagvolle en maatgewende heilige Skrifte nodig om te kan voortbestaan. Hierdie heilige Skrifte wat gewoonlik in een Boek saamgevat word, is as 't ware die grondwet van so 'n godsdiens, die bron en maatstaf vir die leer, belydenis, lewenspraktyk en boodskap daarvan. In die geval van ons Kerk (saam met baie ander Christelik-Protestantse kerke) is hierdie gesagvolle, maatgewende, heilige Boek die Bybel.

II DIE WOORD BYBEL

Ons woord "Bybel" kom deur die Latynse taal van die Griekse woord *"Biblia"* wat "boekies" beteken en wat deur Clemens in 150 nC vir die boeke van die apostels en in Daniel 9:2 vir die profetiese boeke van die Ou Testament gebruik word. Vanaf die 4de eeu nC word dit alreeds baie gebruik vir dié boeke wat ons as Die Bybel ken. Die Skrif self gebruik daarvoor dikwels die woorde Skrif, Skrifte, die Heilige Skrifte (Matteus 21:42; Markus 12:10; 1 Timoteus 3:15 – veral vir die Ou-Testamentiese boeke) terwyl 2 Petrus 3:15–16 die "briewe" van Paulus noem saam met "die ander Skrifte". Hierdie "ander Skrifte" sluit heel waarskynlik die Ou Testament èn die Evangelies in.

III WAT BETEKEN "KANONIEK"?

Die 66 boeke wat ons as die "Ou Testament" (soos dit in 2 Korintiërs 3:14 voorkom) se 39 boeke en die "Nuwe Testament" (oa 2 Korintiërs 3:6) se 27 boeke ken, word die "kanon" (uitgespreek: *kaanon)* genoem en is "kanoniek" vir die kerk in sy denke, spreke en handel. *Kanon* kom uit die Hebreeus deur die Grieks na ons toe. Dit beteken eers 'n "riet", daarna 'n "liniaal" om mee te meet en partymaal ook "'n lys boeke". In die kerklike spraakgebruik beteken dit dan "dié lys boeke" wat 'n afgeslote versameling boeke, die Bybel, aandui wat deur God se Gees geïnspireer is en as die maatgewende outoriteit, die "liniaal", die maatstaf, vir die geloof en lewe van die Christen dien.

IV ONS TAAK

Die twee vrae wat ons hier gaan beantwoord, is:

(a) Hoe het hierdie 66 boeke oor 'n tydperk van meer as 12 eeue ontstaan? en:
(b) Hoe het dit gekom dat juis hulle (en nie die baie ander boeke uit dieselfde tydperk nie) as die bron en maatstaf van die geloof, belydenis, leer en lewe van die waarlik Protestantse Christene geword het?

Om in fyn besonderhede in te gaan op die presiese geskiedenis van wanneer en waar dán hierdie groep Bybelboeke en dán daardie groep, as kanoniek deur die Jode en later deur die Christelike kerk aanvaar is èn om dit alles uit die oorspronklike dokumente aan te toon, is nie net baie ingewikkeld en soms verwarrend nie, maar is veels te omvangryk vir die doel van hierdie artikel. Ons beperk ons tot die allernoodsaaklikste historiese en inhoudelike gegewens en riglyne.



'n Deel van die Habbakuk komentaar uit die begin van die Christelike jaartelling wat in 1947 by die Dooie See gevind is. Die foto gee 'n beeld van die wyse waarop die Bybel op perkament geskrywe is.

V OPENBARING EN BYBEL

Die 66 kanonieke boeke van die Bybel word as kanoniek, as maatgewend vir ons geloof en lewe aanvaar omdat die gelowiges daarvan oortuig is dat hulle (en hulle alleen), op talle wyses deur die eeue, die outentieke optekening van die openbaring van God tot die mens se saligheid bevat. In Johannes 5:39 sê Jesus self vir die Jode: "Julle ondersoek die skrifte omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het." In Hebreërs 1:1 lees ons in dié verband: "In die verlede het God baiekeer en op baie maniere tot ons voorvaders gespreek deur die profete, maar nou, in die laaste dae het Hy tot ons gespreek deur sy Seun." In 1 Petrus 1:20–21 praat Petrus van die "profesie in die Skrif" en sê dan: "Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, gespreek." 1 Petrus 2:16 sê dat toe Petrus-hulle Jesus Christus verkondig het, "het ons ons nie op versinsels en legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in sy majesteit gesien". Johannes 20:30 sê: "Jesus het nog baie ander wondertekens, wat in hierdie boek nie beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen. Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê." In Johannes 21:24 word die betroubaarheid van die skrywer beklemtoon, en in 1

Johannes 1:1 (net soos in 1 Petrus 2:16 hierbo) die feit dat hierdie getuies "Hom self gehoor, met hulle eie oë gesien en met hulle hande aangeraak het". 2 Timoteus 3:15 sê dat die heilige Skrif lei tot verlossing deur die geloof in Jesus Christus, terwyl vers 16 sê: "Elke Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te



Hier staan prof dr W C van Wyk, wat jaarliks meedoen aan opgrawings in Israel, by die Kodex Hammurapi in die Louvre Parys. Dit bevat wette van Hammurapi koning van Babel uit die 17e eeu vC. Hierdie wette vertoon 'n groot ooreenkoms met die Bybelse wetgewing uit Eksodus. Dit is die belangrikste buite-Bybelse Wettekste wat ontdek is.
Hierdie Kodex Hammurapi is nie in Babel self gevind nie maar in Susa waarheen die koning van Elam dit as buit weggevoer het.

onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek."

Die vraag is egter: Hoe weet die kerk nou dat 'n boek "deur God ingegee is" en daarom gesagvol en maatgewend is vir die geloof, leer en lewe van die Christen, met die oog op die ewige lewe?



'n Tora-handskrif uit die jaar 930 nC. Dit is soos Deuteronomium 9:15–23 opgeskryf is.

VI WANNEER IS 'N GESKRIF KANONIEK?

(a) Die Rooms-Katolieke Kerk beantwoord dié vraag deur te sê: Die *kerk* stel die kanon vas. In die *Katolieke Katechismus* (Oudtshoorn 1941, bl. 4) word gevra: "Wie leer ons wat God geopenbaar het?" Die antwoord is: "Die Katolieke Kerk leer ons wat God geopenbaar het." Dit is só, omdat die kerk (volgens Rome), 'n *selfstandige*, onmiddellike (dit wil sê sonder die middel van die Skrif) stigting of planting van God is. Die Skrif is net 'n genademiddel in sy hand. Hy bewaar en lê dit onfeilbaar uit (*custodiat et infallabiliter explicat)* en bepaal ook die omvang (die Kanon) daarvan. Buitendien beskik dit nog oor 'n ander openbaringsbron wat nie direk deur die apostels op skrif gestel is nie, maar geleidelik ontplooi (Katolieke Katechismus, bl. 5).

(b) Hierteenoor het Zwingli alreeds in 1523 in die eerste van sy "67 Stellings" gestel: "Almal wat sê dat die Skrif niks is sonder die (goedkeuring en uitleg van) die kerk nie, dwaal en smaad God." Volgens die Protestantisme verwek God sy kinders, die kerk, juis deur die saad van die Woord; die kerk word gebou *op* (èn *deur)* die Woord. Daarom besit die kerk geen middel òf outoriteit buite die Woord om, om te bepaal wat tot die Woord behoort en wat nie. Die Woord alleen kan self bepaal wat tot die Woord behoort; met ander woorde *die Woord self* bepaal sy eie



Hierdie moderne kerkie is gebou op die plek wat tradisioneel verbind word met die saligsprekinge van Jesus. Die kerkie is gebou teen die hang van die berg by die See van Galilea.

omvang, bepaal self wat kanoniek is en wat nie. Alleen deur van die inhoud van die Woord kennis te neem, kom die kerk agter (maar bepaal dit nooit uit eie outoriteit nie) of 'n boek kanoniek is of nie.

(c) In hierdie verband het die Calvinistiese Protestantisme van die volgende kenmerke van die kanonieke Skrif gepraat:
  (i) Die Skrif self bepaal sy eie omvang (kanon).
  (ii) Deur die "inwendige getuienis van die Heilige Gees", betuig die Skrif sy eie geloofwaardigheid. Dit word die *autopistie* van die Skrif genoem en beteken onder andere dat die Skrif nie die kerk se outoriteit nodig het om sy geloofwaardigheid te bewys nie.
  (iii) Die Skrif is in en deur sigself genoegsaam (ook die *sufficientia* van die heilige Skrif genoem). Omdat *alles* wat vir ons nodig is om te glo om salig te word in die Skrif vervat is, het ons nie aanvullende bronne (soos die kerklike tradisie) nodig vir ons geloof nie. Daarom kon hulle ook sê dat *die Skrif alleen* die enigste bron en norm van ons geloof en lewe is. In Latyn heet dit: *sola Scriptura.*
  (iv) Alhoewel die Skrif in diensknegsgestalte tot ons kom, is dit nie net genoegsaam nie, maar ook *volmaak* (die *perfectio* van die Skrif) ten opsigte van alles wat ons nodig het om te glo om salig te word.
  (v) Verder is die Skrif in sigself deursigtelik (die *perspicuitas* van die Skrif). Dit het nie die kerk of menslike wysheid nodig om dit te verduidelik nie. Daarom die spreuk: "Die Skrif is sy eie uitlegger" *(Scriptura sui ipsius interpres).* Daarom is die Skrif ook *voltooi, afgesluit.* Ons weet uit die Korintiër-briewe self, dat Paulus nog minstens één brief aan die Korintiërs geskryf het. Al sou dit ontdek en by die *kanon* gevoeg word, sal dit niks teenstydig òf nuut by die bestaande *kanon* voeg nie. Dit kan hoogstens "aanvullend" en "bevestigend" iets bydra.

VII DIE OU-TESTAMENTIESE KANON

1. Die oudste gedeeltes van die Ou Testament wat op *skrif* gestel is en wat vanaf en selfs van voor Moses afkomstig is, is sekere gedigte (Genesis 4:23–24; Eksodus 15:21 en Numeri 21:17–18), sekere wette in die woestyn (Eksodus 12:15–17; 22:19; Levitikus 20:10–13), die bekende Eksodus 21:2–11, 18–22; 21:26 tot 22:17 ensovoorts. Daarna, so ongeveer 1150 vC, is die Lofsang van Debora (Rigters 5) op skrif gestel. Die jongste gedeeltes van die Ou Testament, naamlik Ester, is ongeveer 125 vC en Psalm 2 miskien in 104 vC geskryf. Gedurende die duisend jaar hiertussen, was daar drie soorte werksaamhede aan die gang, naamlik (i) die skryfwerk deur die oorspronklike skrywers, (ii) die redaksiewerk, rangskikking en byeenbring van hierdie geskrifte en (iii) die uiteindelike kanonisasie daarvan. Hierdie werk, ook die kanonisasie, het in verskillende trappe plaasgevind. Eers is "die Wet" gekanoniseer, daarna "die profete" wat nie aanvanklik so hoog geskat is as "die Wet" nie en laastens "die Geskrifte". Die Hebreeuse Ou Testament bestaan uit die volgende 24 boeke wat meestal soos volg gerangskik word:

(a) *Die Wet (tôrâ):* Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium.
(b) *Die Profete (n^{e}bi'îm):*
  (i) Vroeëre Profete: Josua, Rigters, Samuel, Konings.

  (ii) Latere Profete: Jesaja, Jeremia, Esegiël en die Twaalf Kleiner Profete.
(c) *Die Geskrifte (k^{e}thûbîm):*
  (i) Gedigte: Psalms, Spreuke, Job.
  (ii) Die Vyf Rolle: Hooglied, Rut, Klaagliedere, Prediker, Ester.
  (iii) Profesie: Daniël.
  (iv) Geskiedenis: Esra-Nehemia, 1 en 2 Kronieke.

Omdat die Hebreeuse Bybel 1 en 2 Samuel, 1 en 2 Konings, 1 en 2 Kronieke, Esra en Nehemia en die Twaalf Kleiner Profete elk as net één boek reken, is hulle 24 boeke presies dieselfde as dié 39 boeke van die Ou Testament in ons Afrikaanse Bybel, hoewel die volgorde en indeling effens verskil. Daar was wel meningsverskil oor die insluiting van byvoorbeeld Hooglied en Ester en die uitsluiting van die apokriewe boek, die Wysheid van Jesus Sirag, maar toe die kanon in ong. 100 nC te Jamnia eenmaal vasgestel is, het dit as geslote kanon van die Ou Testament bly staan. Dít was ook die kanon wat Jesus geken het as Moses (die Wet) en Profete. Sy aanvaarding van die Skrifte as God se Woord asook die houding van die skrywers van die Nuwe Testament wat op 'n paar na, uit al die genoemde boeke aanhaal, het die gesag van die kanon van die Hebreeuse kanon vir die Christelike Kerk bo alle twyfel geplaas. Tyd en ruimte ontbreek om die presiese draagkrag van die Ou-Testamentiese kanon vir die Christelike Kerk en Teologie (ook in die moderne struktuur-analitiese, literêr-teologiese denke) nader te omskryf – 'n probleem wat alreeds uitvoerig deur Calvyn ingesien en beskryf is.

2. Hoewel daar nog ander Griekse vertalings van die Ou Testament bestaan, is die bekendste sonder twyfel die Septuagint (ook die LXX – die Latynse manier om 70 te skryf). Eintlik was die Septuagint die eerste Christelike Bybel omdat meeste van die Christene aanvanklik Griekssprekend was. Die Septuagint het aanvanklik 'n hele aantal boeke as kanoniek ingesluit wat hulleself later tog as nie-kanoniek uitgewys het en toe na die afdeling "apokriewe boeke", "deutero-kanonieke boeke" verplaas is.

VIII DIE NUWE-TESTAMENTIESE KANON

1. Soos byvoorbeeld uit 2 Petrus 3:16 blyk, waar die briewe van Paulus met "die ander Skrifte" (blykbaar die Ou Testament en die Evangelies) gelykgestel word, het die Christelike Kerk alreeds vroeg aan sommige van sy geskrifte dieselfde outoriteit met betrekking tot geloof en lewe toegeken as aan die Bybel van Jesus en sy dissipels, die Ou Testament. Eintlik was hier geen menslike besluite ter sprake nie. Hierdie geskrifte (naamlik die Evangelies en Paulus se briewe) het hulle as 't ware vanself as gesagvol uitgewys, veral teenoor die verminkte kanon van die ketter Marcion wat byvoorbeeld die Ou Testament se gesag vir die Christene ontken het. Die vier Evangelies en dertien briewe van Paulus is alreeds in 130 nC as kanoniek erken en tussen 170 en 220 nC op dieselfde voet as die Ou-Testamentiese kanon geplaas. Hoewel daar nog baie bespreking plaasgevind het oor die insluiting van die Hebreërbrief, die Judasbrief, 2 Petrus, 2 en 3 Johannes en die Openbaringeboek, gee Athanasius se Paasbrief in 369 nC en die Sinode van Rome in 382 die Nuwe-Testamenties kanon soos ons dit vandag ken, terwyl die Muratoriese Fragment (alreeds uit die 2de eeu) al die Ou-Testamentiese boeke, die Nuwe-Testamentiese boeke (behalwe die Hebreërbrief, Jakobus en 1 en 2 Petrus) noem en 'n hele aantal "Nuwe-Testamentiese apokriewe" bewustelik uitsluit.

2. Hoewel daar 'n hele aantal bekende Latynse Bybelvertalings is, is die Vulgaat ('n Latynse vertaling van die Ou Testament uit die Hebreeus en van die Nuwe Testament uit die Grieks deur Hieronimus in die 4de eeu) die bekendste. Op sy derde sitting op 4 Februarie 1546 het die Konsilie van Trent nie net die kerklike tradisie as kanonieke bron van godsdienstige kennis en norme erken nie, en ook nie net die kerk uitgewys as die enigste uitlegger van die Bybel nie, maar ook die Vulgaat (waarby talle Apokriewe Boeke ingesluit is) erken as die enigste gesaghebbende Bybel van die Rooms-Katolieke Kerk.
3. Daarteenoor het die Kerkhervormers die Skrif alleen (dit wil sê die 24 boeke van die Hebreeuse Ou-Testamentiese kanon èn die 27 Nuwe Testamentiese boeke) (sonder die Apokriewe) as kanon, dit wil sê as die enigste kenbron èn norm van die mens se geloof, belydenis, leer en die daaruit voortvoeiende lewenspraktyk, aanvaar. Hierdie boeke en hulle alleen is as kanon aanvaar omdat hulle en hulle alleen hulleself as kanon uitgewys het.

'n Skrifbeskouing

deur prof J J Engelbrecht



Soos wat mense se paaie uitmekaar loop wanneer hulle sê wat hulle van die Christus dink, loop ook kerkmense se paaie uiteen wanneer ons moet sê wat ons Skrifbeskouing is, dit wil sê wat ons van die Bybel dink.

By 'n Skrifbeskouing is die kernvraag of die Bybel die Woord van God is, of nie. Indien ons sê die Bybel ís die Woord van God, spring talle ander vrae soos paddastoele op. Vrae soos: "Is dit die énigste Woord van God?"; "Is elke letter, komma en punt onfeilbaar deur die Heilige Gees vir die Bybelskrywers gedikteer?"; "Waarin bestaan die gesag van die Bybel?"; "Leer die Bybel ons byvoorbeeld hoe vinnig of teen watter spoed ons moet ry, of watter beroep elke mens moet kies?"; "Moet elke gebruik of voorskrif wat die Bybel vir sekere mense onder bepaalde omstandighede gegee is, beskou word as 'n voorskrif waaraan alle Christene van alle tye hulle moet hou?" Hier dink ons byvoorbeeld aan die Ou-Testamentiese wette oor wat geëet mag word en wat nie, en aan Paulus se voorskrif dat vrouens in die erediens 'n hoofbedekking moet dra. Beteken die feit dat Jesus eers as volwassene gedoop is, dat slegs mense wat al so oud is dat hulle hul geloof kan bely, gedoop mag word? Indien nie, hoe moet onderskei word tussen wat eenmalig was en afgehandel is, en eise wat vir alle Christene van alle tye geld? Wat is die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament? Dit is onmoontlik om hier op al dié vrae te antwoord, maar 'n mens moet daarvan kennis neem.

'n Skrifbeskouing hang saam met die opvatting dat 'n sekere geskrif of 'n versameling geskrifte dien as kanon of norm of maatstaf vir die geloof en leer en lewe van die kerk.

Die kanongeskiedenis bring onder andere díe interessante feit aan die lig dat die kanon of lys van Heilige Skrifte wat ons vandag as die Ou Testament ken, eers teen die einde van die eerste eeu *n*C vasgestel is. Dit lyk of hierdie geskrifte wel van die begin af in die Christelike kerk as gesaghebbend aanvaar is. Naas hierdie Ou-Testamentiese Skrifte was daar talle ander godsdienstige geskrifte by die Christene in omloop, maar so ver ons weet was daar geen teken dat die skrywers van die geskrifte wat ons vandag as die Nuwe Testament ken, of by hulle lesers, die gedagte dat daar naas die Ou-Testamentiese geskrifte 'n nuwe, gesaghebbende bundel, naamlik die Nuwe Testament, tot stand sou kom of moes kom nie.

Eers ná die middel van die tweede eeu nC begin die besef stadigaan deurbreek dat die kerk weens die optrede van dwaalleraars soos Marsion, vir homself sal moet helderheid kry oor watter geskrifte gesaghebbend vir die geloof en leer en lewe van

die kerk is. So nie, sou daar chaos in die kerk kom. Daar het vir die kerk 'n lang en moeisame proses om tot helderheid te kom, gevolg, en die kanon van die Westerse kerk is eers in die jaar 397 op die Konsilie van Karthago vasgestel. Hierdie gebeure in Karthago het geïmpliseer dat baie ander "Christelike" geskrifte wat in omloop was, nie as gesaghebbend erken is nie.

'n Belangrike vraag wat deesdae heelwat aandag geniet, is of die kanon finaal afgesluit is of nie. In die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en in die Nederduitse Gereformeerde Kerk word skynbaar taamlik wyd geglo dat die kanon in beginsel oop is, maar in feite geslote is (de iure oop, maar de facto geslote). Hierby gaan dit oor die probleem wat gedoen sal word indien byvoorbeeld briewe van



Op hierdie foto word die blootlegging na opgrawings getoon. Dit word aangegee as die argeologiese vindplek van die Bad van Betesda waar een van die wonderwerke plaasgevind het.

Paulus wat tot nog toe verlore was, in ons tyd ontdek sou word. Gaan dit by die kanon gevoeg word? Hoe moet 'n positiewe of negatiewe antwoord in hierdie verband gemotiveer word?

Die probleme wat tot dusver genoem is, is so moeilik oplosbaar, dat dit 'n vraag word of dit nódig is om 'n Skrifbeskouing te hê.

Die antwoord is dat dit vir die kerk en vir 'n kerkmens nie alleen noodsaaklik is om 'n Skrifbeskouing te hê nie, maar ook onvermydelik. Dit is noodsaaklik sodat die kerk en die wêreld kan weet waarop die kerk sy geloof baseer.

Die kanon is 'n gegewenheid waarvan die kerk homself onvermydelik rekenskap moet gee. Meer nog: Geen mens kan die Bybel volkome neutraal bestudeer nie. 'n Mens neem die bundel ter hand en bestudeer dit met die verwagting dat jy God se wil deur middel van die Bybel sal leer ken, of jy verwag dit nie. En as jy klaar gelees het, glo jy dat jy gesaghebbend aangespreek is of jy glo dit nie.



Hierdie foto by die museum van die Universiteit van Tel Aviv beeld die mens en sy werk in Bybelse tyd uit. By hierdie museum word die ou vakke wat in Bybelse tyd bedryf is nog prakties beoefen. Op die foto is iemand besig om 'n kleipot te maak soos in Bybelse tyd. Die pottebakker word veral in die Ou Testament dikwels as voorbeeld gebruik om 'n Bybelse waarheid uit te druk.

Mense wat glo dat hulle deur die bestudering van die Bybel God se wil sal leer ken, gee nogtans meermale totaal verskillende antwoorde op die vrae wat in die tweede paragraaf van hierdie artikel genoem is.

Hierdie verskynsel is onder andere 'n uitvloeisel daarvan dat daar in die Bybelwetenskappe baie veranderinge plaasgevind het. Ou gevestigde uitlegmetodes is skerp bevraagteken en deur baie selfs geheel en al verwerp.

Ander geleerdes wil sekere van die vroeëre aanvaarde metodes behou, maar ander en nuwer metodes ook gebruik om die vrae waarop die ouer metodes nie kon antwoord nie, te probeer beantwoord. Uit die aard van die saak is menige antwoord op eksegetiese vrae nou anders as vroeër. Dit alles lei daartoe dat 'n uitlegger van die kanonieke geskrifte se beskouing oor hierdie geskrifte *in sekere opsigte* ook 'n verandering ondergaan.

Sonder om daaraan te twyfel dat hierdie geskrifte danksy God se sorg vir ons saligheid tot stand gekom het, kan die Christen-gelowige Skrifuitlegger se standpunt verander oor die vraag *hoe* hierdie geskrifte ontstaan het, *wanneer* en *waar?* Ook oor die vraag wat die aard van hulle gesag is en hoe daardie gesag funksioneer.

Dit is noodsaaklik dat die kerk van sy predikante kan verwag dat hulle sal glo dat die Bybel Godgewe gesag oor hulle het en dat hulle dit ook so aan die opkomende geslag sal leer. So nie, is chaos en sektevorming ons voorland. Wat die fyner besonderhede betref en vir die antwoorde op die talle vrae soos die wat reeds genoem is, sal die kerk nie te voorskriftelik kan wees nie. Die worsteling met die Bybelteks self sal maar moet help om daardie antwoorde in elke situasie te verskaf.

Die tussenkerklike Kommissie 1977 tot 1979
Die huidige Kommissie voer 'n gesprek onder andere oor 'n Skrifbeskouing
Voor v.l.n.r.: *dr F E O B Geldenhuys, wyle dr J D Vorster, prof dr F J v Zyl (voorsitter), prof dr P J Coetzee, prof dr G P L vd Linde*
Agter v.l.n.r.: *wyle prof dr J I de Wet, dr J H Koekemoer, wyle dr K S v Wyk de Vries, ds J E Potgieter, prof dr B J Engelbrecht, ds C L vd Berg, prof dr J J vd Walt, wyle ds D P M Beukes, ds P M Smith (skriba)*

Wie wil weet wat die Skrifbeskouing van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika is, moet eerstens na die belydenisskrifte gaan kyk. Hier dink ons veral aan die Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2–7. Ons haal hier slegs enkele reëls aan:

"Ons aanvaar al hierdie boeke, en hulle alleen, as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig.

Ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin vervat is, nie soseer omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar besonderlik omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is ....

Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, genoegsaam daarin geleer word."

Soos wat die kanonieke geskrifte met alle beskikbare hulpmiddele bestudeer moet word om hulle reg te kan verstaan, moet dit ook met hierdie eeue-oue belydenisskrifte gedoen word. Wie hulle sommer op gesigswaarde gaan lees en reglynig toepas op hedendaagse situasies kan dalk die kat aan die stert beetkry.

Die rapporte, studiestukke en notules van die Tussenkerklike Kommissie bevat baie belangrike inligting oor die Skrifbeskouing van teoloë van die Afrikaanse susterkerke wat almal dieselfde belydenisskrifte het, maar die belydenisskrifte nie in alle opsigte eenders interpreteer nie.

In 'n konsep-verslag van 'n onder-komitee oor Skrifbeskouing, word onder andere die volgende gesê: "Dit gaan in die Skrif breedweg om die openbaring van God in sy handelinge met die mens. Die brandpunt hiervan is ongetwyfeld sy handelinge in Jesus Christus .... Die dinamiese besigwees van God met die mense kan nie in een enkele skema vasgevang word nie. Dit is egter duidelik dat nie alle Bybelgedeeltes ewe naby aan die sentrum van die Bybel staan nie .... Hierdie geprofileerdheid van Bybelse uitsprake moet steeds in gedagte gehou word. Periferiese gedeeltes moet steeds in die lig van en in hul betrokkenheid op die sentrum gehanteer word."

In 'n memo van die Nederduitse Gereformeerde verteenwoordigers word onder andere gesê: "Die Bybel is die skriftelike neerslag van 'n interpersoonlike kommunikasiegebeure tussen God en mens. Daarom besit die Bybel eerstens 'n dialogiese relasionele karakter: God tree in kommunikasie met die mens en die mens antwoord op God se spreke .... Hierdie dialogiese karakter van God se spreke kom nog tot vandag toe daarin tot uitdrukking dat God steeds die mens oproep om in geloof en gehoorsaamheid op sy gesagvolle spreke te antwoord."

Die meganiese inspirasieleer word in dieselfde memo verwerp en gekies vir "die organiese Skrifinspirasie waarvolgens God volledig handelend en selfopenbarend is, maar tegelyk mense volledig in hulle menswees en historiese bepaaldheid in hierdie openbaringsproses opneem (bladsy 5).

Die verteenwoordigers van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika in die sub-komitee het met bogenoemde uitsprake saamgestem, met dien verstande dat dit nie 'n voortgaande openbaring impliseer nie.

Dit is duidelik dat daar oor die besonderhede van 'n Skrifbeskouing nog nie klaar gepraat is in die tussenkerklike gesprek van die Afrikaanse susterkerke nie. Trouens, hoewel ons almal die Bybel as kanon aanvaar, is 'n groot deel van die verskille by die Tussenkerklike Kommissie juis te wyte aan verskille ten opsigte van Skrifbeskouing en Skrifhantering.

Die Bybel in Afrikaans

deur prof J P Oberholzer



Die pad van die Bybel in Afrikaans begin in die skemer van die Afrikaanse taal. Iewers in die geskiedenis, miskien in die omgewing van die oorgang tussen die agtiende en die negentiende eeu, was Afrikaans al 'n taal. Hy is gepraat maar nie geskryf en gelees nie. Die kinders wat eerbiedig by huisgodsdiens moes sit en luister hoe pa uit die Bybel lees, het 'n taal gehoor wat nie heeltemal vreemd was nie en ook nie heeltemal bekend nie. Dit was anders genoeg om aan die huisgodsdiens 'n bowêreldse skyn te gee – 'n hoë taal vir hoë sake. Dikwels het die voorlesing hortend geskied terwyl pa met inspanning geprobeer het om sy halfgeletterdheid en sy eie vreemdheid vir die Hollandse taal van die sewentiende eeu te oorkom. Hoe ook al, die Bybel is gelees en is met agting gehanteer. Vir seker die meeste Boeregesinne was die Bybel bowendien dikwels die enigste boek tot hulle beskikking. Wat daar soms bygekom het, was stigtelike leesstof in dieselfde Bybelse taal. In die nog minder geletterde kleurlingbevolking het die Bybel in Hollands 'n ernstige beletsel gevorm, en die Hollandse preke net so.

Soos so dikwels in ons geskiedenis, was dit 'n nie-Afrikaner wat die situasie reg opgesom en tot handeling oorgegaan het. 'n Hollandse onderwyser in Paarl, Arnoldus Pannevis, wat toe slegs ses jaar in die land was, begin in 1872 pleit vir 'n Afrikaanse vertaling van die Bybel. Sy brief in *De Zuid-Afrikaan* lok sterk teenstand uit. Die argument is dat Afrikaans as taal nie bevoeg is om die verhewe Bybelse boodskap oor te dra nie. Pannevis hou egter vol, en kry steun van ander. Sy bemoeienis loop uit op die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), wat hom beywer om Afrikaans as skryftaal te vestig. Die GRA het tien jaar na sy ontstaan besluit om met die werk van Bybelvertaling te begin en het ds S J du Toit, wat 'n leerling van Pannevis was, benoem om die vertaalwerk te doen.

Du Toit was op dié stadium nog in Transvaal, waar hy Superintendent van Onderwys was in die jare 1882–1888. In dieselfde jaar dat hy hom weer in Paarl vestig, 1889, verskyn sy eerste vertalingsproewe onder die titel: *Di Bybel in Afrikaans. Dri Proewe: 1. Letterlike vertaling van Gen. 1 tot 3; 2. Bewerking in historise samehang van 2 Sam. 5 en 6 en 1 Kron. 11 tot 16; 3. Vergelykende vertaling van Luk. 11:2–4 in Oud-Hollands, Fries en Afrikaans.* In Paarl het hy die steun geniet van 'n aantal medewerkers wat sy werk gekontroleer het, en mettertyd het vertalings van vier boeke die lig gesien: Genesis (1893), Matteus (1895), Openbaring (1898) en Psalms (1907). Daarnaas publiseer hy ook nog in artikelreekse Hooglied (1905), Handelinge (1908), en Markus (1908).

W Kempen maak in 'n artikel, *S J du Toit se Bybelvertaling,* in Die Huisgenoot, 20 Oktober 1933, die slotopmerking: "Ek vertrou dat wie die karigheid betreur het waarmee ds S J du Toit begin swoeg het, nou sal erkentlik wees teenoor 'n man wat in stilte *gewerk* het." Met die "karigheid" bedoel Kempen veral die gebrek aan taalmiddele. Geskrewe Afrikaans was in sy babaskoene. Die "volheid" verwys na wat Du Toit vermag het, veral dan in sy *Di Psalme.* Ten spyte van Kempen se positiewe beoordeling, het Du Toit se vertaling tot hede selde die voorreg van 'n onbevooroordeelde evaluasie geniet, net so min as wat dit tydens sy lewe die geval was. Skrywer hiervan het in 'n noukeurige vergelyking van Du Toit se Psalmvertaling met almal wat sindsdien verskyn het, tot die oortuiging gekom dat Du Toit neigings tot dinamiese weergawe toon wat eers nou weer in vertaaltegniek te voorskyn kom, en dat sy ernstige pogings om by die "volkstaal" uit te kom, dikwels 'n onmiddellikheid gebring het wat betekenis onontwykbaar op die voorgrond gestoot het. Hy het minder konkordant vertaal as 'n volgende geslag van vertalers en het die konteks soms ten volle laat meespreek. Iets hiervan word duidelik wanneer ons verskillende weergawes van Psalm 139:5–13 langs mekaar plaas. Die weergawe van Du Toit is hier doelbewus oorgesit in die spelling van ons eie tyd, juis om 'n onbevooroordeelde vergelyking te kry.

Du Toit 1907

[5]Want U het my rondom-om omsingel,
en u hand het my vasgelê.
[6]Kennis, vir my te wonderlik!
Dis hoog, ek kan daar nie by nie.



Dr Arnoldus Pannevis



Ds S J du Toit

[7]Waarnatoe sou ek gaan voor u Gees?
Of waarheen sou ek vlug uit u gesig uit?
[8]As ek na die hemel sou opklim, U is daar!
En as ek die doderyk my bed maak, U is daar!
[9]Neem ek die vlerke van die daeraad,
en woon aan die verste seekuste,
[10]ook daar sou u hand my lei,
en u regterhand sou my vashou.
[11]As ek sou sê: "Die duisternis sal my toemaak,
en die lig rondom my nag word",
[12]selfs die duisternis bedek my voor U nie;
selfs die nag is lig rondom my;
donker en lig is vir U net eenders.
[13]Want U was dit wat my binneste gevorm het;
U het my aanmekaar gewewe in my moeder se buik.

Eindvertalers Die Bybel in Afrikaans 1933

Agter v.l.n.r.: *dr B B Keet, ds H P M Steyn (sekr. Bybelgenootskap), dr H C M Fourie*
Voor v.l.n.r.: *drr J D du Toit, J D Kestell, E E van Rooyen*

As ons nou die 1933-vertaling (of ook die 1953-hersiening) langs Du Toit se vertaling plaas, is daar opvallende verskille. Teenoor "rondom-om omsingel" het 1933: "U sluit my in van agter en van voor", wat 'n letterlike weergawe uit die Hebreeus is, maar nie dieselfde betekeniskrag as Du Toit se weergawe het nie. Net so is "vlerke" en "verste seekuste" sprekender weergawes as 1933 se "vleuels" en "uiteinde van die see", en "binneste" in vers 13 duideliker (en korrekter) as "niere" in die 1933-vertaling. Die 1933-vertaling sluit by S J du Toit verby nouer aan by die Statevertaling en doen dit ten koste van gesproke Afrikaans.

Nietemin, S J du Toit se vertalings het nie inslag gevind nie. Die fonetiese spelwyse wat hy en die GRA wou vestig, het by die eerste oogopslag al weerstand gewek, en, belangriker, Afrikaans was nog nie aanvaar as 'n bevoegde Bybeltaal nie.

Op Du Toit se pogings volg dan 'n tweede fase, 'n poging tot kompromie. Wie hierdie poging wil verstaan, moet 'n eksemplaar van *Die Vier Evangelië en Die Psalme* oopslaan, wat in 1922 gepubliseer is. Dit was 'n "amptelike" poging, op koste van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap en met medewerkers benoem deur die drie Afrikaanse Kerke. Die opdrag was om die Hollandse Statevertaling te verafrikaans en om so na as moontlik aan die Statevertaling te bly. Die resultate word meteen duidelik as ons weer na die vertaling van Psalm 139:5–13 kyk:

1922

[5]U sluit my in van agter en van voor,
en U lê U hand op my.
[6]Die kennis is my te wonderbaar;
dit is hoog, ek kan daar nie by nie.
[7]Waar sou ek heengaan voor U Gees,
en waar sou ek heenvlug voor U aangesig?
[8]As ek opvaar na die hemel, U is daar;
of maak ek my bed in die hel, siet, U is daar.
[9]Neem ek vleuels van die dageraad,
woon ek aan die uiterste van die see,
[10]ook dáár sou U hand my lei,
en U regterhand sou my vashou.
[11]As ek sou sê: Die duisternis sal my tog bedek;
dan is die nag 'n lig om my.
[12]Ook verduister die duisternis nie voor U nie;
maar die nag gee lig soos die dag;
die duisternis is soos die lig.
[13]Want U besit my niere;
U het my in my moeder se skoot bedek.

As ons die Statevertaling langsaan plaas, is die letterlike weergawe meteens duidelik.

Statevertaling

[5]Gij bezet mij van achteren en van voren,
en Gij zet uwe hand op mij.
[6]De kennis is mij te wonderbaar,
zij is hoog, ik kan daar niet bij.
[7]Waar zoude ik henengaan voor uwen Geest,
en waar zoude ik henenvlieden voor uw aangezicht?

[8]Zoo ik opvoer ten hemel, Gij zijt dáár;
of bedde ik mij in de hel, zie, Gij zijt dáár;
[9]nam ek vleugelen des dageraads,
woonde ik aan het uiterste der zee,
[10]ook dáár zoude uwe hand mij geleiden,
en uwe rechterhand zoude mij houden.
[11]Indien ik zeide: De duisternis zal mij immers bedekken,
dan is de nacht een licht om mij.
[12]Ook verduistert de duisternis voor U niet,
maar de nacht licht als de dag,
de duisternis is als het licht.
[13]Want Gij bezit mijne nieren,
Gij hebt mij in mijn moeders buik bedekt.

Die Bybelvertalers en die Vertalingskomitee, Bloemfontein, 23 Augustus 1933

Voor v.l.n.r.: *Prof dr J D du Toit (Totius), prof dr B B Keet, prof dr J D Kestell, prof dr E E van Rooyen en dr H C M Fourie*
Middel v.l.n.r.: *Ds G du Plessis, ds H J Pienaar, ds J J Kühn, prof J A du Plessis, ds D Postma, ds J H Eybers, ds J G M Dreyer en ds C W M du Toit, L V*
Agter v.l.n.r.: *Ds W J Naudé, dr J H Greyvenstein, ds J P H Steyn, mnr H J Otto, ds A S E Yssel en H P M Steyn*

Afgesien van die letterlike weergawe van die Nederlands, het die 1922-vertaling bowendien 'n reeks uitdrukkings gehandhaaf wat nie Afrikaans was nie, soos "siet" in vers 8, en elders "Soon des mensen, Hem, veel, wyngaard, vrind, swyne, regvaardig, Fariseë ensovoorts. Die sinsbou was dikwels opvallend onafrikaans, byvoorbeeld Markus 2:10: "Ek sê u: Staan op en neem u bedjie op en gaan heen na u huis", of Lukas 1:57: "En die tyd van Elisabet word vervul, dat sy sou baar, en sy baar 'n soon", of Lukas 10:22: "Alle dinge is My van My Vader oorgegee; en niemand weet wie die Soon is, as die Vader; en wie die Vader is as die Soon, en aan wie die Soon dit sal wil openbaar." Geen wonder dat niemand met dié poging gelukkig was nie. As Afrikaans tot onlangs nie as geskik beskou is om die Bybelboodskap te dra nie, stompstert-Hollands (dr H C M Fourie se term) ook nie!

Daar moes dus weer begin word, en wel voor, by die grondtale soos dit hoort. Dr H C M Fourie het geweier om by die verafrikaansing van die Statevertaling betrokke te wees, en dit was op sy aandrang dat die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering in 1922 by die ander kerke aangedring het op 'n vertaling uit die oorspronklike. Met dié werk is teen ongeveer 1924 op dreef gekom. Die vyf vertalers, proff J D du Toit, E E van Rooyen, B B Keet, en drr J D Kestell en H C M Fourie het hard en vinnig

Die Blye Boodskap 1975
Ds G E van der Merwe, hoofsekretaris van die Bybelgenootskap, ontvang die finale manuskripte van die nuwe vertaling in teenwoordigheid van die eindredaksie.
Voor v.l.n.r.: *Proff J P Oberholzer, A H van Zyl en E P Groenewald*
Agter v.l.n.r.: *Prof T van der Walt, ds G E van der Merwe en prof W Kempen*





Benewens prof Oberholzer en ander medewerkhers het prof W C v Wyk (Ou Testament) en prof G M M Pelser (Nuwe Testament) van Hervormde kant 'n groot aandeel in die huidige Bybelvertaling gehad.

gewerk, want teen 1928 was die vertaling reeds afgehandel en kon die kontrole en hersiening begin. *Die Vier Evangelies en Die Psalms* het in 1929 verskyn en is goed ontvang. In 1933 verskyn die volledige Bybel, die eerste volledige vertaling in Afrikaans. Danksy die arbeid van die vier taaladviseurs, proff D F Malherbe, T H le Roux, J J Smith en S P E Boshoff, was taal en spelling goed versorg. Getrou aan die vertalingstegniek van sy tyd, was die 1933-vertaling 'n woordelikse oorsetting uit die oorspronklike tale in Afrikaans, wat meegebring het dat die taalstruktuur dikwels nie Afrikaans was nie maar dié van die oorspronklike tale. Die opdrag aan die vertalers, naamlik om so naby as moontlik aan die Statevertaling te hou, het verder daartoe bygedra dat die keuse dikwels geval het na die kant toe van die "meer verhewe" taalvlak, en dat beeldende taal ook daar behou is waar die betekenis in gevaar gekom het. Psalm 139:5–13 is weer 'n voorbeeld:

1933

[5]U sluit my in van agter en van voor,
en U lê u hand op my.
[6]Om dit te begryp, is te wonderlik vir my,
te hoog: ek kan daar nie by nie.
[7]Waar sou ek heengaan vir u Gees
en waarheen vlug vir u aangesig?

[8]Klim ek op na die hemel, U is daar;
en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!
[9]Neem ek die vleuels van die dageraad,
gaan ek by die uiteinde van die see woon,
[10]ook daar sou u hand my lei
en u regterhand my vashou.
[11]En as ek sê: Mag tog net die duisternis my oorval
en die lig nag wees tot my beskutting,
[12]dan is selfs die duisternis vir U nie donker nie,
en die nag gee lig soos die dag,
die duisternis is soos die lig.
[13]Want U het my niere gevorm,
my in my moeder se skoot geweef.

Eindvertalers van die Bybel in Afrikaans 1983
***Voor v.l.n.r.:** proff W Kempen, E P Groenewald (voorsitter), P A Verhoef*
***Agter v.l.n.r.:** proff J P Oberholzer (ondervoorsitter), A H van Zyl (sekretaris) en J L Helberg*

Die ooreenkoms met die Statevertaling is onmiskenbaar, vergelyk byvoorbeeld vers 7, 9, 10. Die uitdrukking "vleuels van die daeraad" klink mooi maar is ondeursigtelik. Die uitdrukking "U lê u hand op my" beteken in Afrikaans nie wat in die Hebreeus bedoel word nie. "Oorval" het meesal 'n ongunstige betekenis, iets wat in vers 11 nie pas nie, en "niere" is in Afrikaans net wat dit sê: niere, nie wat in Hebreeus bedoel word nie, naamlik daardie deel van my persoon wat setel is van my gewete, my aanvoeling van en regte oordeel oor sake. Hier het S J du Toit reeds beter vertaal, en die 1933-vertaling kon hom gerus gevolg het.

Nietemin, die 1933-vertaling was in sy tyd 'n uitstaande vertaling wat dikwels as model kon dien vir die latere Nederlandse vertaling, en die 1933-vertaling het sy ryke bydrae gemaak tot die lewe en werk van die kerk in ons land. Letterkundig is sekere gedeeltes steeds hoog gewaardeer.

Die Hersiene Vertaling van 1953 was hoofsaaklik die werk van proff J D du Toit en B B Keet. Die ander vertalers was toe reeds oorlede. Afgesien van spelling-aanpassing vanaf disiepel na dissipel, twede na tweede, ensovoorts, is daar ook heelwat wysigings aangebring. In Psalm 139:6 is "wonderlik" verander na "wonderbaar" in ooreenstemming met die Statevertaling, en die "vir"'s in vers 7 is vervang met "van": "Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?" Of dit gebeur het om 'n anti-"vir" standpunt tevrede te stel of uit ander oorwegings, weet ons nie. Wat ons wel weet, is dat dit geen verbetering was nie. Daar kan meer voorbeelde aangehaal word om aan te toon dat die hersieners dikwels verder wegbeweeg het van die oorspronklike betekenis. Maar dit geld gelukkig nie vir alle wysigings nie. Om met 'n enkele voorbeeld te volstaan: In Psalm 104:11 het die 1933-vertaling die Hebreeuse idioom woordeliks behou en vertaal: "die wilde-esels breek hulle dors." Die 1953-vertaling het dit gelukkig reggestel en vertaal: "die wilde-esels les hulle dors."

Teen die tyd dat u hier lees, sal die nuwe Afrikaanse vertaling dalk reeds verskyn het of sal dit binnekort verskyn. Hier is 'n nuwe vertaaltegniek gevolg, naamlik om nie woorde te vertaal nie maar betekenis. Dit het groter eise aan die vertalers gestel as wat voorheen die geval was, en het meegebring dat veral in digterlike gedeeltes daar soms afgesien moes word van beeldende taal. Die verdienste of onverdienste van hierdie vertaling sal met verloop van tyd blyk en kan beter bespreek word deur iemand wat nie self nóú betrokke was by die vertaling nie. Die leser sal 'n beeld kry van die aard van hierdie vertaling as hy ook hier Psalm 139:5–13 vergelyk met die weergawes wat bo aangehaal is. Wat die vertalers betref, hulle sal dankbaar bly vir die voorreg om deel te gehad het aan die werk en sal juig as die nuwe vertaling gelees en gebruik word.

Bybelverspreiding

deur ds J P Labuschagne
(Sekretaris in Hervormde kerkverband 1980 . . .)



Bybelverspreiding is nie bloot die taak om 'n Bybel van een hand te gee aan 'n ander wagtende hand nie. Dis veel meer as dit!

Immers, waar kom daardie Bybel vandaan wat gegee word?!

Uiteindelik behels Bybelverspreiding basies veral die volgende ses dinge:

(i) Waar kom die Bybel vandaan – van God gegewe

Van die vroegste tye af soek die mens – in die besef van sy eie beperkte vermoë wat hom in sy worsteling om 'n sinvolle lewe en toekoms noodwendig afhanklik maak van 'n Hoër Mag – na sy Skepper, na God. Die geleerdheid wat gaandeweg ontstaan, was

Wyle ds A Ras, eerste sekretaris in Hervormde Kerkverband 1963–1973



Wyle ds C J Schalkwyk, tweede sekretaris in Hervormde Kerkverband 1974–1980



Ds W H Steyn, sekretaris in Hervormde Kerkverband 1983 ...

dikwels optimisties in hierdie soeke, en baie maal het die mens gereken dat hy alles nou verstaan, die diepste geheime van lewe nou ken, God gevind het. Later val alles weer plat. Die moderne geleerdheid het nou al so ver gevorder dat gesiene hedendaagse geleerdes wat hierdie sake aanbetref baie skepties is en verklaar dat die mens uit homself net eenvoudig nie in staat is om lewe te deurgrond en nog minder God te ken. Hierdie mense sê dat dit wat die mens vanuit homself as God wil ken, niks meer as mensgemaakte afgode nie, dikwels afgode geprojekteer vanuit die beleefde situasie, dikwels frustrasie of verlange. Hulle sê: Van God kan alleen iets geken word as God self die inisiatief neem – God moet na ons toe kom. Ons kan nie na Hom toe gaan nie. Hy moet na ons toe kom en Hom aan ons openbaar en verklaar. Anders is ons op ons beste alleen in staat tot niksheid.

Tog het die Here Jesus bykans 2000 jaar gelede reeds juis dit gesê – dit wat die moderne 20ste-eeuse geleerdes nou sê. Op een of ander wyse neem ons mense klaarblyklik dikwels nie die Bybel ernstig genoeg op nie, of ons begrip was moontlik nog ontoereikend. In Johannes 17:25 het die Here Jesus in sy hoë priesterlike gebed van God vermeld: "... die wêreld ken U nie ...."

Daarby het Hy egter dit van God gesê (en die gesag van hierdie woorde lê natuurlik bevestig in dit wat Hy in die wêreld voor almal se oë prakties bewys het van alles wat Hy gesê het – Hy het nie bloot geteoretiseer nie; daarvan getuig elke wonderdaad en bowe-al die kruis): ... "maar Ek ken U ... Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak ... Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het ... Ek het u woord aan hulle gegee ... U woord is die waarheid ... Laat hulle aan U toegewys wees deur die waarheid ... Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur ..." (Johannes 17:25, 26, 6, 14, 17, 18).

Jesus Christus is God wat die inisiatief neem en in die gestalte van 'n mens na ons toe kom, menslik met ons kom kommunikeer sodat ons iets van God weet – God wat vir ons die sinsnoodsaaklike geword het, vir ons wat God so nodig het.

In die Bybel het ons deur mense-hande heen, geïnspireer deur die goddelike Gees wat van Jesus uitgegaan het, die beriggewing van wat destyds gebeur het, van wat gesê is, van alles wat op die Christus-evangelie betrekking het, van God se openbaring.

En met hierdie Woord, en sy Waarheid in Christus (Johannes 1:17; 14:6), word ons as gelowiges in die wêreld ingestuur. En mag die Gees van die Waarheid ons in hierdie waarheid altyd lei (Johannes 16:13), en mag die waarheid ons bevry van 'n deur-sonde-verlore-wêreld (Johannes 8:32).

Om uiteindelik die Bybel as boek in ons hande te hê, is uit die inisiatief van die kerk gebore: die Bybelgenootskap. In diens van die kerk is die Bybelgenootskap verantwoordelik vir die vertaling, produsering en voorsiening van die Bybel.

(ii) Die vasstelling van die oorspronklike teks van die Bybel

Deur die Wêreldbond van Bybelgenootskappe kom alle Bybelgenootskappe saam om die beste geleerdes oor die wêreld te vind om teksnavorsing te doen en die oorspronklike teks van die Bybel (die Hebreeuse teks van die Ou Testament en die Griekse teks van die Nuwe Testament) in geloof en in die grootste-moontlike menslike wetenskapsvernuf vas te stel. Hierdie navorsing is 'n voortgaande navorsing wat geweldig duur is en waartoe al die Bybelgenootskappe, en gevolglik al die kerke wat hulle verteenwoordig, finansieel bydraes maak. Saam met teksnavorsing gaan verskillende relevante navorsingsprojekte van die taal van die Bybel en van vandag, waarvoor Bybelgenootskappe eweneens begroot.

(iii) Vertaling van die Bybel

Na die vasstelling van die oorspronklike teks volg die voortdurende taak van Bybelgenootskappe om in samewerking met mekaar, in die uitruil van kennis ensovoorts, die Bybel te vertaal in alle tale van die wêreld. Die volledige Bybel is tans reeds in 279 tale vertaal, die Nuwe Testament is in 'n bykomende 551 tale, en individuele Bybelboeke in 'n verdere 933 tale vertaal. Daar is egter meer as 3500 tale in die wêreld. Elke nasionale Bybelgenootskap is verantwoordelik vir die inheemse tale van sy streek – en die resultaat word oor en weer met alle Bybelgenootskappe gedeel, uiteindelik so met alle kerke gedeel.

(iv) Bybelproduksie

Op vertaling volg die produksie van die Bybel in duursame en bruikbare formaat. Die formaat mag wissel van wat 'n gewone volwassene nodig het, tot wat 'n



Bybelproduksie. Hier is 'n masjien besig om die Bybel van 'n buiteblad te voorsien

swaksiende bejaarde benodig, en wat 'n swaklesende kleuter nodig het. Die formaat hou rekening met die situasie – byvoorbeeld van evangelisasie, sending, selfs die gevegsfront in tye van oorlog. Produksie moet Bybels lewer wat beantwoord aan die aanvraag en behoefte wat deur die kerk geskep word.

(v) Bybelvoorsiening

Na produksie voorsien die Bybelgenootskap, in diens en in oorleg met die kerk, Bybels aan elke mens wat behoefte het aan die Bybelse evangelie. Die Bybelgenootskap is in ons land die enigste plek vanwaar die Bybel bekom kan word. Die belangrikste voorsieningsmeganisme van die Bybelgenootskap is verseker die gemeente en sy ampsdraers en lidmate self, hulle wat deur hulle daaglikse roeping as Christen die Bybel van die Bybelgenootskap bekom en aan 'n ander oordra. Saam met die gemeente gaan ook die kerk se sending-struktuur as verspreidingskanaal van die Bybel. Vele ander verspreidingsmeganismes word egter ook deur die Bybelgenootskap in diens van die kerke aangewend vir die verspreiding van die Bybel, byvoorbeeld die gewone boekwinkel, kerklik en sekulêr, wat 'n enome diens lewer om die Bybel naby te bring aan elke mens wat graag 'n Bybel wil hê.



Bybelverspreiding op Kemptonpark teen 'n tempo van omtrent 1 000 Bybels en Bybelgedeeltes per werkdag



Massaverspreiding. In 1982 is 2,2 miljoen Bybels en gedeeltes in 100 tale in die RSA versprei

(vi) Subsidiëring

Marktendense leer ons soos volg: 90% van alle volledige Bybels wat versprei word, is gesubsidieer. Slegs 10% van alle volledige Bybels wat aangekoop word, is die luukse ongesubsidieerde Bybel. Marktendense leer ons gevolglik dat verweg die meeste mense die gesubsidieerde Bybel aankoop. Indien ons in diens van die kerk gevolglik soveel as moontlik Bybels wil probeer versprei sodat elke mens wat behoefte het aan die Bybel, dit kan bekom sonder dat prys hom verhinder, sal ons moet voortgaan om die Bybel toereikend te subsidieer. Subsidiëring veroorsaak egter dat produksie net sover kan gaan as wat die bydraes van kerke en ander donateurs dit toelaat. Daarby bly die aanvraag na die Bybel steeds baie hoër as die aanbod.

Die uitdaging van Bybelverspreiding aan groeiende getalle van die bevolking en die Christendom vra van elke Christen betrokkenheid. En dit vra ook ondersteuning van die werk wat die Bybelgenootskap in hierdie verband in diens van die kerk verrig.

Waar die Bybelgenootskap opereer as 'n vennootskap van kerke, diensorganisasie van die kerk, bly dit steeds vir die kerk van die grootste belang dat die werk van Bybelverspreiding alleen op hierdie wyse waardig, georden en verantwoordelik gedoen sal word vanuit die inisiatief van kerklike beheer.





Die Bybel moet bekombaar wees vir oud en jonk

Histories het die Bybelgenootskap in 1804 sy ontstaan gehad uit die bewuswording van predikante, soos eerwaarde Thomas Charles in Bala in Wallis, van 'n wêreld waarin die Bybel te duur en te skaars was. En dit was ook die treffende gebeurtenis van 'n 16 jarige Walliese meisie, Mary Jones, wat 40 kilometer geloop het in 'n poging om 'n Bybel van haar dominee, eerwaarde Thomas Charles, te kan koop wat 'n groot indruk op hom gelaat het en bygedra het tot die ontstaan van die Bybelgenootskap. Gaandeweg sou die Bybelgenootskap sy werksaamhede wêreldwyd uitbrei. Reeds in 1820 word die Hulpvereniging van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap in Kaapstad gestig, en maak die Bybelgenootskap sy verskyning so in Suid-Afrika. In 1970 het hierdie hulpvereniging uitgegroei tot 'n volwaardige en selfstandige organisasie: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Wet nr 15 van 1970 wat op 3 Maart 1970 deur die Staatspresident onderteken word, verleen aan die Bybelgenootskap van Suid-Afrika statutêre erkenning van staatsweë.

As outonome nasional organisasie beteken die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se betrokkenheid by die Wêreldbond van Bybelgenootskappe geen prysgawe van selfstandigheid maar 'n praktiese samewerking om so goed en verantwoordelik moontlik Bybelverspreiding wêreldwyd aan te pak. Die Bybelgenootskap se werk van *vertaling, produsering* en *beskikbaarstelling* van die Bybel doen hy wêreldwyd sonder enige godsdienstig-leerstellige kommentaar en sonder politieke motiewe. Die Bybelgenootskap meng nie in met die werk van die kerk of die orde van die samelewing nie.

Die Voortrekker Petrus van der Merwe

(4 Julie 1819–8 September 1895)

Van die Voortrekker Petrus van der Merwe bestaan daar geen foto nie. Die oorlewering wil dit hê dat die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter nooit van hom 'n foto wou laat neem nie omdat dit deur hom as 'n oortreding van die tweede gebod beskou is. Dit wil voorkom of Petrus van der Merwe hierdie sienswyse gedeel het.

Petrus was die oudste seun van Lukas Johannes van der Merwe en Maria Elizabeth Viljoen. Hulle het by die Potgieter-trek aangesluit en het, volgens Petrus se kinders en kleinkinders, aan die slag by Vegkop deelgeneem. 'n Onderwyser, mnr Herman Lemmer – reeds oorlede – het meegedeel dat Petrus ook aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het.

Daar kon nie vasgestel word op watter datum Petrus met sy eerste vrou, Sophia van Staden, getroud is nie, maar daar is wel vasgestel dat hul eerste seun Lukas Johannes van der Merwe in 1842 op Potchefstroom gedoop is.

Tydens die kerkvereniging (1882–1885) het Petrus by die Hervormde Kerk gebly, maar van sy seuns het lidmate van die Nederduitsch Hervormde of Gereformeerde Kerk geword. Sy seun Pieter Johannes het "Hervormd" gebly, en dis oor sy nasate wat ons hier wil skryf.



Oupa Louw en ouma Anna, oom Loutjie en Bron (1899 Rapportryer tussen generaals Beyers en de la Rey in Wes-Transvaal)

Oupa Louw en ouma Anna net voor die oorlog 1899



Reg voor die monumentjie is oupa Petrus vd Merwe se graf. As mens agter die grafte staan is die graf heel links ouma se graf en regs oom Petrus vd Merwe se graf

Pieter Johannes van der Merwe se seun, Pieter Johannes (2), is die vader van Pieter Johannes (3) wat ouderling was in die gemeente Pretoria-Oos. Sy seun Pieter Johannes is professor aan UP-Teologiese Fakulteit Afd. A. 'n Ander seun, J F (Koot) van der Merwe, was die baie bekende ouderling van Silverton en ook Naboomspruit. Sy jongste seun is ds F H vd Merwe, tans van Heidelberg.

Die tweede oudste seun is ouderling M F van der Merwe van die gemeente "Poort" en sy seun is ds P J van der Merwe van Louis Trichardt. Die Voortrekker Petrus van der Merwe, is in 1856 met sy tweede vrou, Hester Gertruida Alida Bronkhorst, getroud.

Uit hierdie huwelik is vyf kinders gebore; drie seuns en twee dogters. Die een seun, Petrus, gebore op 29 Maart 1874 is op twintigjarige leeftyd op 14 Maart 1894 oorlede. Die oudste seun uit die tweede huwelik was die bekende ouderling, L C van der Merwe, van Waterberg. Sy oudste seun, Petrus, was baie jare ouderling en oud-ouderling van die gemeente Koedoesrand.

Ook twee van sy jonger seuns en 'n hele aantal van sy kleinseuns het, en dien nog steeds in kerkrade in verskillende gemeentes van ons Kerk. Die Voortrekker Petrus van der Merwe se dogter, Johannes, is getroud met die baie bekende ouderling H J Geyser wie se seun, Petrus, ook ouderling was. Hy is die vader van wyle ds H J Geyser en prof A S Geyser.

Die ander dogter, Hester, is getroud met die net so bekende ouderling J J H Engelbrecht van Waterberg. Sy seun J J H Engelbrecht (2) was ouderling in die gemeente Naboomspruit, waar sy seun, Lood, nog ouderling is. Lood se ouer broer, J J H Engelbrecht (3), is die vader van ds J J H Engelbrecht (4), tans predikant van Meyerton-Suid.

Die jongste seun, L P van der Merwe, was baie jare ouderling in die gemeente Waterberg. Hy was getroud met Anna C H F van Staden. Al vyf sy seuns het in die kerkraad van verskillende gemeentes gedien, asook sy twee skoonseuns. Sy seun, Petrus, is nog ouderling in die gemeente Waterberg, waar sy vader en 'n hele aantal ooms van vaders-, soewel as moederskant, baie jare ouderlinge was. Die een skoonseun is ouderling J L Putter van die gemeente Oostelike Pietersburg.

Die tweede oudste seun van L P van der Merwe, M H J van der Merwe, is die vader van ds P J van der Merwe, tans diensplig kapelaan op Otjiwarongo.

Die Voortrekker Petrus van der Merwe het 'n veelbewoë lewe gehad. Hy het saam met Andries Hendrik Potgieter na Lydenburg getrek, waar hy op die plaas Potlood-spruit geboer het. Daarvandaan is hy na Tweefontein (Buiskop) en toe na Elandsbosch, die plaas waar hy en sy tweede vrou begrawe lê en waarop van sy kleinkinders vandag nog woon. Op sy grafsteen staan geskrywe dat hy 'n swaar lyding in SWA gehad het. Dit is egter onbekend wanneer hy daar was en wat hy daar gedoen het.

Ons is ons Skepper innig dankbaar dat Hy in sy groot barmhartigheid dit so beskik het dat sewe van die nasate van hierdie Voortrekker wat saam met baie ander, soveel deurgemaak het, toegelaat is tot die evangeliebediening in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Wyle M H J van der Merwe.
(Oorlede nadat die artikel geskryf is)

Ds Jan Hendrik van Staden

Wyle ds Jan Hendrik van Staden is gebore op 31 Julie 1919 in die Waterberg-distrik, waar hy grootgeword het en skoolgegaan het totdat hy gematrikuleer het, waarna hy eers op die plaas geboer het en daarna besluit het om predikant te word. Na 'n suksesvolle studietydperk aan die Universiteit van Pretoria word hy op 5 Januarie 1948 as predikant georden en is sy eerste gemeente Zuurfontein (Kemptonpark)



Wyle ds van Staden

waar hy ook getroud is met Ria Minnaar. Sy het haar kursus in Maatskaplike werk aan die Pretoriase Universiteit voltooi. Uit die huwelik is twee kinders gebore: Henk en Sanria. Onder sy entoesiastiese en bekwame leiding is daar 'n doelmatige kerk en 'n pastorie te Zuurfontein gebou.

Baie gou het geblyk dat hy 'n man van vaste oortuigings en beginsels was. Die Kerk se belange het hy altyd op die hart gedra en insonderheid, die van die gemeentes waar hy gearbei het. In 1955 verhuis hulle na die nuutgestigte gemeente Krugersdorp-Oos en in 1957 na Lichtenburg, waar hy vir byna ses en twintig jaar gewerk het, tot en met sy dood op 27 Junie 1983, op 63 jarige ouderdom.

Sy diens in die Kerk in die algemeen kan kortliks soos volg opgesom word: Hy was lid van die Weeshuisdireksie, die Sendingraad, die Ondersteuningsraad en voorsitter van die Ring van Zeerust. Hy het sy gewig in diens van die Kerk en gemeente ingegooi en met toewyding gedien.

Benewens sy kerklike betrokkenheid op genoemde vlakke, het hy ook sy gawes en talente nie weerhou van diens op die algemene vlak van volks- en skooldiens nie.

So was hy kapelaan van die Noordwestelike Kommando, gevangeneskapelaan, lid van die Hospitaalraad, Skoolraad en die Hoërskoolbeheerraad. Ook op hierdie terreine het hy sy plek vol gestaan en met waardige en intelligente optrede die Kerk gedien.

Sy liefde vir die grond en die boerdery het nooit afgeneem nie. Hy het 'n groot liefde vir mooi en goedgeteelde beeste gehad en tot aan die einde van sy lewe was dit – sy plaas en sy diere – sy vryetydsbesteding. Met liefde en sorg het hy na sy boerdery gekyk net soos op elke terrein wat hy as gelowige mens betree het.

Ds Van Staden was 'n diep gelowige mens wat besonder erns gemaak het met die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente. Dit was vir hom 'n voorreg om die Woord en die gemeente in alle fasette te bedien. Toewyding het nooit ontbreek nie.

Hy was die soort mens was jy nie maklik vergeet het nadat jy hom ontmoet en met hom kennis gemaak het nie. Jy sal hom altyd onthou as 'n opregte en gewaardeerde vriend. Sy heengaan was 'n slag, nie net vir sy geliefde vrou, kinders and familie nie, maar ook vir sy kerkraad, gemeente en vriende. Ons sou hom so graag langer tussen ons wou hê! Die herinnering aan hom sal besielend bly vir elkeen wat hom van naby geken het. Ons dank die Allerhoogste vir hierdie man wat vir 35 jaar in diens van die Kerk en volk kon staan en kon werk.

Ons sê "sterkte" aan Ria en die kinders.

G J J Roos

Prof J I de Wet

Jacobus Ignatius de Wet is op 24 Januarie 1926 te Clocolan gebore en het in Wes-Transvaal groot geword. In 1950 is hy getroud met Anna Debora Muller en uit die huwelik is twee dogters gebore, Alet en Retha. Met sy heengaan op 27 April 1983 het hy ook vier kleinkinders, twee seuns en twee dogters gehad.

Prof De Wet het sy skoolopleiding hoofsaaklik aan die Hoër Volkskool Heidelberg ontvang maar matrikuleer aan die Lichtenburgse Hoërskool. Hierna studeer hy aan die Universiteit van Pretoria en behaal die BA graad in 1947, die BD in 1950 en in 1961 verwerf hy die graad van Doktor in Teologie met 'n proefskrif getitel: Die Kerklike verkondiging in die huidige tydsgewrig.



Wyle prof de Wet

Nadat hy op 14 Februarie 1951 as predikant georden is, werk hy eers in die kombinasie-gemeentes Melville/Johannesburg-Noord en later slegs in laasgenoemde gemeente. In 1958 is hy na Krugersdorp-Oos en in 1961 word hy die eerste voltydse studenteleraar in Pretoria. Hier beywer hy hom veral vir die totstandkoming van selfstandige, suiwer studentegemeentes. Die eerste van hierdie gemeentes nl Philadelphia word in 1964 gevorm. Hier werk prof De Wet totdat hy in 1968 hoogleraar word. As professor en hoof van die Departement Praktiese Teologie in ons Fakulteitsafdeling moes hy die aard en omvang van die nuwe arbeidsveld kom aanvoor en uitbou. Hierdie werk het hy met groot insig en vaardigheid verrig tot met sy heengaan.

In die kerklike lewe het prof De Wet op verskeie rade en kommissies gedien. Hy was ook stigterslid en sekretaris van die SA Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie. Behalwe hierdie betrokkenheid by kerklike en vakwetenskaplike aangeleenthede, het hy hom ook beywer vir kulturele en onderwysaangeleenthede en besondere diens gelewer in die Nasionale Jeugraad van die FAK en die Nasionale Raad vir Gesinsorg en Huweliksvoorligting.

Die uitstaande kenmerke in die lewe en werk van hierdie begaafde mens kan in die volgende hooftrekke saamgevat word:

Hy was Bybelse teoloog in die eg-reformatoriese tradisie. In sy kritiese denkarbeid was die Skrif die maatstaf en het die Bybelse veronderstellings en doelwitte altyd vooropgestaan. Hierby kom ook sy besondere liefde vir die kerkwerk. Terwyl hy hoogleraar was, was hy tog ook voortdurend betrokke by die werklike pastorale arbeid in een of ander gemeente. In hierdie dienswerk en in sy optrede teenoor ander het hy die resultate van sy wetenskaplike werk met 'n aansteeklike entoesiasme en lewensblyheid uitgeleef. So het hy uitdrukking gegee aan die bekende grondstelling dat daar geen teenstrydigheid mag wees tussen teorie en praktyk, leer en lewe van die predikant nie. Hierdie besondere saak kan telkens weer teruggevind word in sy geskrifte. Met 'n grondige afkeur in alle fieterjasies en onegte affektasies, het hy hom dit veral ten doel gestel om die etiese grondslae van die ampswerk daar te stel.

Vir hulle wat hom geken het, was hy 'n opregte en lojale vriend en in die Kerk 'n voortreflike leermeester en getroue ampsdraer.

Mag die Here sy gesin vertroos en versterk.

E C B Kotze

'n Huldeblyk dr H M Rex

Met die dood van dr Herman M Rex op 29 November 1981 het die Kerk 'n toegewyde en bekwame direkteur van die Kerkargief en Museum verloor. Vir dr Rex was die geskiedenis te alle tye die lewende verlede en met 'n besondere nougesetheid en 'n groot voorliefde vir die besonderheid het hy hom met alles wat geskiedenis was besig gehou. Dit was ook opmerklik op hoe 'n wye terrein hy diens gelewer het met sy kundigheid en navorsing.

Daar was waarskynlik min mense wat so gesaghebbend die geskiedenis van Pretoria en van sy tuisdorp Rustenburg en omgewing, geken het as dr Herman.



Wyle dr Rex

Gebore op 30 Julie 1918 uit die Rustenburgse tak van die bekende Rex-familie was dit aanvanklik sy ideaal om predikant in die Hervormde Kerk te word. Aan die Universiteit van Pretoria het hy egter daarvan afgesien en 'n onderwysloopbaan gekies met Geskiedenis en Afrikaanse Kultuurgeskiedenis as die hoofmomente van sy belangstelling. Reeds in sy studiejare te UP het dit ook geblyk dat Herman Rex 'n vurige Afrikaner was en hy wou ook nooit iets anders as Afrikaner wees nie.

Die sterk verbondenheid met sy volk en sy kerk is voortdurend deur sy historiese navorsing en studie gestimuleer. Dit was altyd 'n aangename voorreg en soms 'n belewenis om sy entoesiasme te sien as 'n gesprek oor die Afrikaner en sy verlede of die geskiedenis van ons Kerk gegaan het.

Sy intense belangstelling in die Afrikaanse Kultuurgeskiedenis het dan ook sy verdere studie bepaal, want wat sowel sy MA as D Phil-grade het hy op daardie terrein behaal. Sowel sy MA-skripsie as sy D Phil-proefskrif was werke wat bewys gelewer het van sy oog vir die besonderheid en sy besondere speursin om die beeld van die verlede so sorgvuldig moontlik te teken.

In die onderwysberoep het hy gevorder tot dosent aan die Onderwyskollege van Pretoria. Vandaar het hy op 9/12/64 aangesluit by die personeel van ons Kerkargief en Museum. Op daardie stadium het prof dr S P Engelbrecht, die alombekende historikus van ons Kerk, aan die hoof van die Argief en Museum gestaan. Dit was in die beginjare toe daar geweldig baie werk versit moes word om veral die enorme hoeveelheid argiefmateriaal te sorteer en te orden. Ook hier het dr Rex 'n bydrae van belang gemaak en was hy mettergaan so vertroud met die materiaal waarmee hy gewerk het, dat hy sonder aarseling 'n dokument of 'n skrywe uit vervloë dae kon raakvat.

Met prof S P Engelbrecht se aftrede in 1967 was dit vanselfsprekend dat dr Rex hom sou opvolg. Sy dienstermyn as direkteur van die Argief en Museum is 'n tyd waarin, danksy sy speursin en bemiddeling, talle waardevolle aanwinste vir sowel die Argief en Museum verkry is. Met groot sorg het hy versamel om vir die nageslag te behou.

As direkteur het hy voortgegaan met studie en navorsing op talle historiese terreine. Die veelvuldige historiese en kerkhistoriese artikels in Die Hervormer en ander kerklike publikasies, sy bydrae tot die gemeentegeskiedskrywing onder andere met Zeerust se eeufeesviering, sy artikels in verskillende vakwetenskaplike tydskrifte getuig van sy hardwerkende ywer.

Sy skielike heengaan, wat vir almal wat naby hom geleef het 'n onverwagse skok was, het 'n groot Afrikaner, 'n nougesette historikus, 'n standvastige kerkman en 'n ywerige werker uit ons midde weggeneem. Tog moet dit tot sy eer gesê word dat die werk wat hy gelewer het op so baie terreine van die geskiedenis, van groot waarde is en sal bly. Hy het as 't ware self vir sy monument gesorg.

Dit is met groot dank en waardering dat mens die persoon en werk van dr Rex in herinnering roep. Hy was 'n bouer wat onvermoeid en enduit gewerk het vir die kennis en waardering van die geskiedenis en die kerkgeskiedenis van die Transvaalse Afrikaner.

A D Pont

Ouderling Hans Prinsloo

Soos daar onder die apostels manne was wat met verskeie vermoëns, gawes en talente begenadig was en met hierdie toevertroude vermoëns in die kerk met geloofsoorgawe, hoop en liefde dienswerk verrig het – so is daar vandag nog deur die genade van die Heer van die kerk gelowiges wat hierdie dienswerk met toewyding voortsit. Dit is gelowiges wat weet waarom dit in die kerk gaan: 'Hy moet meer word en ek minder.' Dienswerk wat moet uitloop op een groot jubellied: "My siel maak groot die Here" en dankbaarheid "... vergeet geeneen van sy weldade nie".

In elke gemeente van die kerk is daar altyd die een of ander merkwaardige arbeider in die wingerd van die Here. So 'n merkwaardige persoon het die gemeente Rust der Winter in wyle oom Hans Prinsloo gehad.

Hy was nie 'n geleerde mens nie, maar hy was wys omdat hy die eerste beginsel van die wysheid geken het naamlik die vrees vir die Here.

Johannes Jacob Prinsloo is op 28 Junie 1902 uit 'n baie goeie kerklike familie gebore in die distrik Pretoria en is deur wyle ds Jac van Belkum te Bronkhorstspruit op 11 Februarie 1903 gedoop. Reeds as kind en tiener stel hy baie belang in die dienswerk van die Kerk en lê die Nederduitsch Hervormde Kerk hom baie na aan die hart – die Kerk waarin hy sy geloof sou uitlewe en 'n dader van die Woord sou word en bly tot met sy dood.

Hy het altyd met groot piëteit gepraat van wyle dr HCM Fourie by wie hy belydende lidmaat geword het en vir wie hy 'n besondere hoë agting gehad het.



Wyle oudl Prinsloo

'n Kerkman is gewoonlik ook 'n volksman – en dit was oom Hans inderdaad gewees. Op baie terreine dien hy in die samelewing. Hy was vroeg reeds lid van die destydse skietkommando van Bronkhorstspruit waar hy vir 5 jaar sy goeie dienste aanbied en 'n leidende rol speel.

In 1932 het hy na die Springbokvlakte toe gekom en in 1938 koop hy die plaas Kalkbult waar hy tot met sy dood gebly het. Deur harde en troue arbeid het hy 'n welvarende boer geword wat op landbougebied ook meer as sy deel gedoen het en op baie terreine leiding geneem het.

In 1935 het hy weer by die skietkommando van Pretoria-Noord aangesluit en word luitenant. In 1940 word hy egter ontslaan omdat hy nie aan die oorlog wou deelneem nie. Maar na afloop van die oorlog sit hy sy deelname voort en word later 'n medestigterslid van die Waterbergse Kommando waar hy 'n baie gewaardeerde lid was. In 1952 is hy tot die rang van kaptein bevorder en het toe met die stigting van die Warmbad Kommando begin. Hiervan was hy 'n erelid tot met sy dood en het altyd lewende belangstelling in die groei en werksaamhede van die Kommando getoon.

As volksman was hy voorsitter van Rust der Winter se geloftefeeskomitee vir 25 jaar en op partyvlak het hy altyd sy deel gedoen.

Op baie ander terreine het hy diens gelewer. In 1952 is hy aangestel as vrederegter en was dit tot sy dood toe.

Hy was ook 'n onderwysman. Hy het geweet dat alleen as die kind reg opgevoed en onderrig word 'n volk en kerk 'n toekoms het. Vandaar sy volgehoue en lewendige belangstelling in onderwyssake. Hy het dan ook vir baie jare op die skoolkomitees van Kalkbult en Rust der Winter gedien. Sy uitgangspunt was altyd die kind se beste belange moet gedien word.

Oom Hans se grootste bydrae was egter op kerklike gebied. In 1935 word hy as diaken van Waterberggemeente gekies. In 1938 word die gemeente Rust der Winter gestig en 'n mens kan die geskiedenis van hierdie gemeente nie skryf sonder om die merkwaardige rol wat oom Hans Prinsloo daarin gespeel het te vermeld nie. Eers dien hy vir ses jaar as diaken en vir 41 jaar as ouderling. Vir 34 jaar was hy skriba en vir 41 jaar kassier. As lid van hierdie kerkraad het hy baie Algemene Kerkvergaderings bygewoon en 36 ringsittings. Hy was 30 keer as lid van die Kommissie van die Ring verkies en was ook lid en sekunduslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering. Met die afstigting van die NHSV het oom Hans ook die susters se finansiële sake behartig as kassier.

Laastens was hy ook gesinsman. Op 20 Mei 1924 is hy in die huwelik bevestig met Margareth Georgina Allison te Bronkhorstspruit. Uit die huwelik is 12 kinders gebore, sewe seuns en 5 dogters. Op een na lewe al die kinders nog en was hy en tant Maggie die trotse grootouers van 36 kleinkinders en 9 agterkleinkinders. Deur al die jare in diens van kerk en volk en in die gesin is hy trou bygestaan en onderskraag deur tant Maggie. Op onbaatsugtige wyse het hulle saam gedien op al die terreine.

Met groot trou en pragtige toewyding en dankbare offervaardigheid het hulle hulle dienswerk in die gemeente en gemeenskap met oorgawe verrig.

Inderdaad twee lidmate wat hulle geloof op elke terrein uitgeleef het. 'n Voorbeeld was hulle in alle opsigte vir al die lidmate van die gemeente Rust der Winter.

Op 7 Januarie 1983 is oom Hans oorlede. Die Kerk het 'n ware steunpilaar in hom gehad. Sy nagedagtenis word in dankbare herinneringe onthou.

S J Swanepoel

Ouderling Lief Rosenblatt

Vir baie jare was die naam Rosenblatt in Christiana en omgewing 'n baie bekende naam, maar dan nie vanweë een of ander opskudding wat die gesin veroorsaak het nie, maar ten gevolge van die pragtige opbouwerk in kerk en gemeenskap.

Josef Rosenblatt is op 31 Augustus 1899 te Wolmaransstad gebore, maar 'n groot deel van sy lewe is aan Christiana gewy – saam met sy eggenote Martha Maria Hendrina Combrinck met wie hy op 9 Desember 1924 getroud is. Drie seuns is uit die huwelik gebore en een dogter is deur aanname tot die gesin gevoeg.

Hoe sal ons die aande op die Rooiplaas net oorkant Vaalrivier vergeet? Tot watter tyd van die aand word op bokke jag gemaak en daarna begin die fees eers. Skrywer se eerste besoek aan hulle was met die skool-perdekarretjie nog voordat hy die weelde van 'n motorkar kon hê.

Met die stigting van Christianagemeente in 1936 is Lief Rosenblatt tot diaken gekies en ook tot skriba. Oom Lief en tant Marthie het uit eie sak 'n erf gekoop, 'n kerksaal daarop gebou en die gemeente moes net vir die meublement sorg. Die saal word vandag nog vir eredienste gebruik. Skrywer is op 22 Januarie 1944 daarin



Wyle oudl Rosenblatt

georden. Tant Rosie (soos sy alombekend was) het vir baie jare die orrel by eredienste daar bespeel totdat hulle in 1948 na Vaalhartz verhuis het waar hy as ouderling verkies word. Op 20 Mei 1977 is hy in Edenvale, die latere woonplek (nadat hulle ook 'n tyd lank op Broederstroom gewoon het) oorlede en onder blyke van groot belangstelling begrawe.

Die gemeenskap van Christiana is veel dank aan hierdie twee mense verskuldig. As dorpsraadslid het hy baie gedoen aan opbouwerk en hulle oop hande vir minderbevoorregtes was bekend.

Lief Rosenblatt was 'n platjie van die eerste water maar die erns waarmee hy sy verantwoordelikhede nagekom het, het nooit in die slag gebly nie.

Dit is 'n voorreg om sulke mense op jou lewenspad teen te kom.

P M Smith

Ouderling Wynand Opperman

Vir 'n lang tydperk in die geskiedenis van die Hervormde gemeente Bloemhof, kan die lewe en werk van ouderling Wynand Opperman nie maklik oorskat word nie. Wynand Johannes Lodewikus Opperman is op 30 Desember 1905 in Potchefstroom-distrik gebore. Hy was een van 'n groot gesin van twaalf kinders. Hy was maar nege jaar oud toe sy ouers na die plaas Palmietfontein in Bloemhof-distrik verhuis het. Op hierdie plaas het hy gebly, skoolopleiding geniet, getrou en geboer tot twee dae voor sy dood. Op 2 Augustus 1930 is hy getroud met Martha Aletta Sophia van Wyk. Gedurende die 19-jarige tydperk van hulle huwelik is daar ook twaalf kinders gebore waarvan nog net vyf in lewe is.

Was dit nie 'n pragtige gesig en ondervinding om met daardie huisgesin te verkeer nie? Almal was besig in die huishouding om sake vlot te laat verloop. Die moeder is in 1950 oorlede. Vier jaar later is Wynand weer getroud met Hendrina Cecilia Welgemoed, 'n weduwee met vyf kinders om die pragtige gesin nog verder uit te brei. Die woord 'stief' was 'n onbekende woord in daardie huis.



Wyle oudl Opperman

Op 12 September 1974 is hy op agt en sestigjarige ouderdom oorlede.

Reeds op agtienjarige leeftyd het hy in 1923 kassier van Bloemhofgemeente geword, nog voordat hy as diaken bevestig is. Tot 1940 het hy as diaken gedien en van 1940 as ouderling tot met sy dood in 1974. Daar was dus 'n ononderbroke amptelike diens in die Kerk vir meer as drie en veertig jaar.

Gedurende hierdie tydperk was hy nie maar net iemand wat in sy amp verkies en bevestig is nie. Hy het dienswerk verrig en dit van 'n besondere gehalte verrig. Benewens sy kerk het hy ook die gemeenskap gedien. Veral in die onderwys, in beheerrade en skoolkomitees het sy wysheid, besadigheid maar koersvasheid groot bewondering afgedwing.

Met Wynand Opperman aan jou sy was 'n probleem nie te groot en te moeilik om aan te pak nie.

So het skrywer hom as jong predikant in sy eerste gemeente in 1944 leer ken en met verloop van tyd het waardering steeds toegeneem.

P M Smith

Ouderling Thys Malan

Byname word soms in die teenoorgestelde rigting gegee om iets in die regte rigting te beklemtoon. So was 'Tiny' Malan alles behalwe 'n klein mannetjie. Hy was groot en sterk maar mooi en klein soos 'n kind in eenvoud en opregtheid. Vir skrywer was dit 'n voorreg om 'n jaar lank, voordat Christianagemeente nog 'n pastorie besit het, by hulle te woon. Wat 'n wonderlike jaar was dit nie! Bande wat daar gesmee is, kan nie verbreek word nie.

Matheus Johannes Malan is op 11 September 1905 in Roossenekal gebore waar hy deur ds Goddefroy gedoop is. As een van 'n gesin van agt kinders was swaarkry nie vreemd nie, maar dit het van hom net 'n beter mens gemaak. Hy was maar sestien jaar toe hy moes uitspring om te gaan werk teen 'n vergoeding van 2/6d (30c) per dag. Hy was een en twintig jaar oud toe hy in 1926 as bewaarder by die Departement Gevangenisse opgelei is.



Wyle oudl Malan

In hierdie verband het hy in Barberton, Pretoria, Christiana en weer in Pretoria gewerk.

Op 20 September 1930 is hy in die huwelik bevestig met Johanna Levina Strydom, 'n plaasnooi wat hom pragtig bygestaan het. Uit die huwelik is twee dogters gebore. In 1965 het hy met pensioen uit die gevangenisdiens getree. Op 16 Julie 1969 is hy onverwags oorlede om 'n groot leë plek in huisgesin en vriendekring te laat.

Reeds in 1932 word hy in Pretoriagemeente tot diaken gekies. In 1940 word hy daar tot ouderling gekies en spoedig na sy verplasing na Christiana word hy weer daar ouderling. Na sy terugverplasing na Pretoria in 1948 het hy dadelik weer ouderling geword tot 1965 met sy uittrede by die Departement Gevangenisse, maar daarna nog vier jaar in Poortgemeente.

Benewens sy werk as ouderling het hy in die kategese uitgemunt. As skriba vir registrasie was die gemeentelike boeke 'n model van netheid en presiesheid. Skrywer kon in twee gemeentes, Christiana en Pretoria, met groot vreugde saam met hierdie merkwaardige gesin in die Kerk werk.

P M Smith

Ouderling Woela du Plessis

Andries Johannes Willem Marthinus du Plessis, alombekend as Woela, was 'n begaafde man. In ooreenstemming met Galasiërs 5:22 is sy lewe gekenmerk deur die gawe en vrug van die Heilige Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing. Verder het hy gedien, onderrig gegee, leiding gegee, ander bemoedig en gehelp.

Die Here het Woela du Plessis op velerlei wyse en gebiede tot uitbreiding van sy Kerk gebruik.

Hy is op 22 Desember 1909 in Oos-Kaapland in Elliotdistrik gebore.

Na die stigting van die Nederduitsch Hervormde Kerk op Dordrecht in 1939, was hy van die eerste lidmate wat na die Hervormde Kerk oorgekom het. Sedertdien het hy onverskrokke en onvermoeid in die Hervormde Kerk gewerk. Eers dien hy as diaken op Dordrecht en later in die wyk Bowkerspark, sowat 80 km vanaf Dordrecht. Juis ook en mede deur sy ampsbeoefening het die Hervormde Kerk gegroei sodat op Queenstown 'n wyk tot stand gebring is wat tot 'n gemeente ontwikkel het.



Wyle oudl du Plessis

Vir meer as veertig jaar het Woela du Plessis in die diens van die Here gestaan, eers as diaken en later as ouderling tot sy dood toe.

Vir ongeveer twintig jaar het hy as kategeet en ook superintendent van kategese opgetree. Die kategeseklasse is vanweë 'n gebrek aan 'n eie kerkgebou lank in sy eie huis aangebied.

Die wyse waarop hy sy geloof uitgeleef het, was vir almal 'n navolgenswaardige voorbeeld en aansporing. Die wyse waarop hy as gelowige in gehoorsaamheid aan die Woord van God geleef het, het by almal respek en ontsag vir hom ontlok.

In 1967 moes hy op sewe en vyftig jarige ouderdom weens swak gesondheid uit die diens van die Spoorweë tree, maar steeds het hy sy dienste en vermoëns in die Kerk bly aanwend. Ten spyte daarvan dat hy en tant Annie in die daaropvolgende jare op 'n pensioen moes leef, was sy hand altyd wawyd oop om te gee vir die werk van die Here.

Waar hy talle kere weens swak gesondheid by die dood omgedraai het, het hy altyd op die vraag: Hoe gaan dit? geantwoord: Ek het nie rede om te kla nie. As ek sou kla sou ek ondankbaar wees vir al die ander seëninge.

Op Sondag 3 April 1983 wend hy sy laaste kragte aan om die erediens te gaan bywoon, maar is nie daartoe beskore nie. 'n Beroerte-aanval fel hom neer en hy verwissel die tydelike met die ewige die daaropvolgende Sondag 10 April 1983.

C J H Steenkamp

Ouderling Andries Greeff

Andries Johannes Greeff is op 19 November 1889 te Manana in die Lichtenburgdistrik gebore, as die seun van Hendrik Gabriël Greeff en Hester Magdalena (gebore Strauss). Hy was die kleinseun van die vermaarde kommandant en ouderling Hendrik Adriaan Greeff, stigter van Lichtenburg.

In Desember 1917 trou Andries met Francis Ester Verster, 'n onderwyseres uit 'n gesiene Kaaplandse familie.

In 1927 verhuis Andries en sy gesin na Vlakfontein, 'n paar kilometers wes van Koster, waar hulle seun Andries en sy gesin nog woon. Andries is op 3 April 1965 hier oorlede, en op Koster begrawe.

In 1932 word Andries gekies as diaken vir die Kosterwyk, in die gemeente Zwartruggens, en vanaf die begin van die veertigerjare, ouderling vir dieselfde wyk. Andries en sy broer Gabriël Johannes (Hos) het reeds vroeg begin praat oor die stigting van 'n eie selfstandige gemeente vir Koster. Reeds in die dae van wyle ds Storm op Zwartruggens (1934–1938) was daar sprake van afstigting. Andries en sy broer Hos het toe 'n opname gemaak van lidmate in en om Koster wat ten gunste van afstigting was. Nadat ongeveer 200 lidmate geteken het vir afstigting is die gemeente Koster op 28 Februarie 1946 gestig. Die byeenkoms was in die kerkgebou van die Gereformeerde gemeente en wyle ds D F Erasmus het as voorsitter opgetree.



Wyle oudl Greeff

Andries is as ouderling vir Kostergemeente herkies, en het vir agt jaar onafgebroke gedien, en het ook tot in 1951 as eerste voorleser opgetree. Hy was ook superintendent van Sondagskole (Kategesehoof). Hy het Kostergemeente verskeie kere op Rings- en Algemene Kerkvergaderings verteenwoordig.

Die broers Andries, Hos, A F (Jol) en H A Greeff was almal medestigters en medebouers van Kostergemeente. Tans word die mooi tradisie nog voortgesit deur 'n broerskind, Hendrik Adriaan (Witrand) Greeff, ouderling van Koster.

Die herinneringe aan die werk en liefde vir sy Kerk van Andries Greeff en sy broers is vir ons tot seën.

S E Young

Ouderling W J J Smit

Willem Johannes Jacobus Smit, by almal bekend as oom Willie, is op 1 Junie 1904 gebore op die familieplaas Kameeldrift. Die plaas is geleë aan die hange van die Magaliesberg, wes van Pretoria. Hy is tans een van die oudste inwoners in die gebied en woon nog steeds in dieselfde huis wat eens die opstal van sy ouers was. Hy ontvang sy laerskoolopleiding aan die Laerskool Kameeldrift. Die skoolgebou en die huidige kerkgebou en pastorie van die gemeente Magaliesmoot is opgerig op 'n gedeelte van die grond wat eens sy vader se plaas was.

Oom Willie is een van die Hervormde lidmate mat 'n pragtige kerklike agtergrond, wat voorwaar as geskiedkundig bestempel kan word. Hy is in 1904 gedoop deur ds M J Goddefroy. In 1920 lê hy belydenis van geloof af in die bedieningstyd van dr H D van Broekhuizen en word ook deur hom in 1923 in die huwelik bevestig met Louisa Smit.

Al drie gebeurtenisse het plaasgevind in die geskiedkundige kerk van Pretoria, waar hy toe lidmaat was. Op 14 Maart 1936 word hy as diaken verkies en in die amp bevestig deur prof C H Rautenbach, destyds predikant van die gemeente Noordelike Pretoria. In 1946 word hy as ouderling bevestig deur prof A S Geyser in die gemeente Noordwestelike Pretoria en is sedertdien nog ononderborke ouderling. Hy het deel gehad aan die afstigting van laasgenoemde twee gemeentes en later aan



Oudl Smit

die van Wesmoot in 1954 en Magaliesmoot in 1970. In die kerkraad het hy ook saam met di C S v H Steenkamp, W J Roos, W J Kemp, G P J Grobler, prof P S Dreyer en di S P Pretorius en W A Dreyer gedien.

Gedurende sy eerste jare as diaken het hy 'n wyk bedien in Magaliesmoot wat gestrek het vanaf die stadsgrens tot aan die Hartbeespoortdam, met net 'n fiets as vervoermiddel. Die betrokke wyk is tans die grense van die gemeente Magaliesmoot.

Vanaf die vroeë veertigerjare tot die laat sestigers was sy huis Sondae die bymekaarkomplek, waar kinders kategetiese onderrig ontvang het. Hy het aan die hoof daarvan gestaan en hom veral toegelê op die onderrig van die finalejaar-katkisante.

Sy dienswerk in die Kerk getuig daarvan dat hy 'n blymoedige arbeider is wat onvermoeid en toegewyd in diens van die Opperheer arbei. Kerkwerk speel 'n belangrike rol in sy lewe en die eer en belang van die Kerk dra hy op die hart.

Oom Willie se vrou het hom in 1976 ontval en in 1978 tree hy weer in die huwelik. Sy tweede huweliksmaat, tant Joey, staan haar plek langs oom Willie vol. Uit die eerste huwelik is tien kinders gebore waarvan nege nog lewe. Hulle is sy trots en hulle bejeën hom met agting. In die kerkwerk volg die ses seuns in hulle vader se voetspore. Almal het al in die kerkraad van verskillende Hervormde gemeentes gedien.

Na 79 somers agter die rug en bykans 'n halfeeu ononderbroke in die kerkraad, het oom Willie in Junie 1983 die aktiewe deelname as ouderling neergelê. Hy dien tans as rustende ouderling. Die kerkraad en gemeente van Magaliesmoot huldig oom Willie vir sy onbaatsugtige diens aan die Kerk en in besonder wat hy vir hierdie gemeente gedoen het. Mag hy saam met sy vrou krag en gesondheid ontvang om hierdie dienswerk voort te sit en mag hulle nog lank gespaar bly.

C J M von Wielligh

Mevrou C M Prinsloo

Catharina Maria Wolmarans was die vierde kind en tweede dogter uit die eerste huwelik van A D W Wolmarans en A C S E Prinsloo.

Sy is later getroud met die alombekende ds J J Prinsloo, vir jare voorsitter van die Algemene Kerkvergadering en in lewe predikant te Trichardtsfontein, Bethal, Standerton, Krugersdorp, Rustenburg en weer in Trichardtsfontein. Sy was dus 'n vrou wat 'n hele paar keer die ellende van meeste predikantsvroue moes deurmaak, naamlik verhuis, nuwe mense leer ken, aanpas ensovoorts. Gelukkig was sy 'n mens met die persoonlikheidstoerusting wat dit kon doen.

Om 'n kort lewenskets van wyle mev Prinsloo te skryf, is geen maklike taak nie. Daar is so baie om te vertel en ek sal maar met 'n paar los opmerkings moet volstaan.

Regs stap mev Prinsloo nog flink rond

Net soos haar man was sy 'n formidabele mens met 'n sterk wil en persoonlikheid en tog met weinig vyande indien enige. Sy was 'n hele aantal jare onder-voorsitster van die NHSV en as sodanig 'n mens met 'n eie styl van dinge doen en sê en wat baie sterk op haar standpunte gestaan het. Sy het inderdaad baie deelgeneem aan die besprekings tydens kongresse, en het stewige bydraes, eie aan haarself, gelewer. Sy het groot belangstelling in die weeshuis gehad. Self ongelukkig kinderloos, kan 'n mens dit begryp. Sy was lief vir die kerk, vir die Afrikanervolk, sy kultuur en sterk betrokke by sy maatskaplike omstandighede.

